

Respons op die Film
Die Storie van Ellen Plakkies

'n Versameling gedigte deur die studente van BEd IF-derdejaars

Inhoudsopgawe

Inleiding 6
Moederskap deur Deanwill Krotz 7
Kies jou pad deur Eldino Nero 8
Hoop in die droogte deur Deidre Wagner 9
Geheime binneland deur Brendan Bosch 10
Storm van verslawing deur Dee-Anne Donnell du Preez 11
Ek soek my pad deur Rezonte Andrews 13
In die tuin waar liefde dikwels blom deur Gina Visagie 14
Ons is almal uniek deur Logan Claasen 15
Donker wolke deur Hayleigh Leandra September 16
Wanneer gaan ek uiteindelik gelukkig voel? deur Ursula Dietrich 17
Mamma waaroor moet ek eintlik stres? deur Chade Dietrich 18
Die verlore boom deur Chadé Dietrich 19
Opoffering is 'n keuse deur Chantelle Sampson 20
Sonder jou deur Amy Wessels 21
Dowwe lig, 'n donker tonnel deur Kaitlin Fortuin 22
Erens tussen nêrens deur Yuanita Minnies 23
Waar ek jou groet deur Anoniem 24
Lig in die skaduwees deur Sjané Faul 25
My wonderwerk kind deur Janine Geritse 26
Kies deur Luane Scheepers 27
Die lig in die duisternis deur Mischke Joubert 28
Geheime deur Jana Louw 29
Rook en hartseer deur Anwill Hendricks 30
Vergifnis deur Jacquine Strydom 31
Hoop deur John-Ree Tamboer 32
Eggo's van die stille wonde deur Pearlé Amsterdam 33
In die skadu van die reg deur Whenique Daffiet 34
Die roete na NÊRENS deur Tammy-Ann Kroutz 35
Ek laat los deur Wilmarie Smit 36
4 ure, wit geverf deur Anoniem 38

Ouers, millenia is viby… deur Zavion Erasmus 39
Stigma en oordeel deur Nasheeta Petro 40
Liewe Ystervrou deur Clerise Owies 41
Keuses deur Imke Vermeulen 42
Onregverdig deur Caleb Karriem 43
Elke keuse het nagevolge deur Jayn-Lynn Mepomie 44
Nama tjend! deur Charn-Leigh Boyce 45
Verlore pad deur Tameka Benjamin 46
Brandende huis deur Audrey Engelbrecht 47
Die soeke na 'n veilige hawe deur Mikyala Arnoldus 48
Vrees deur Lee-Ann Koopman 50
Die soeke na 'n veiliger hawe deur Mikyala Arnoldus 51
Die donker begin en einde deur Neighthon Winter 52
'n Duif deur Marlyn Smit 53
Gevang in sinkende sand deur Abigail Alkaster 54
In' n besige gemeenskap waar die pyn altyd groei deur Angus Solomon 55
Dwelms in die duisternis deur Cadre Chad Pietersen 57
Stormhuis deur Kesha Hofmeester 58
Dorings in die tuin deur Leron Hendricks 59
Moederskap, 'n liefde wat groei in die hart en wyd deur Germaine Van Sitters 60
Ellen Pakkies deur Audery Moses 61
Lig in die donker deur Chanté Fredericks 62
Soeklig op my siel deur Tanike Bantom 63
Dit wat eens was deur Genevieve Wilschut 64
'n Bloedbad van emosie deur Maclin Owies 65
Innerlike pleidooi na hoop deur Khadijah April 66
Identiteit deur Khadijah April 67
Die Kaapse lewe deur Ursula Dietrich 68
Die wolke van die Here deur Joshua Lloyd 69
Keuses: 'n Kruispad van lewe deur Millo Camara 70
Reën se beeldskoonheid en pyn deur David Isaacs 71
Wie is ek ? deur Brooklyn Kiewiets 72
Verlies deur Hannechia Moses 73
Huil in die donker deur Nathan Diedericks 74

Liefde maak seer deur Geneveve Van der Merwe 75
My wens vir jou deur Denzel Masete 76
Soeke na identiteit deur Alrique Julies 77
Ek en my skaduwee deur Charnee Wheeler 78
Moeders liefde deur Candice Hartogh 79
Jy is, jy was deur Jhandri Stuurman 80
Die parasiet deur Tracy-Lee Claasen 81
D-W-E-L-M deur Sethu Sipayideli 83
Skuld deur Karla Faro 84
Alleen deur J.C. Witbooi 85
Keuses deur Rumadre Lawrence 86
Hoop en geloof deur Marchyné Jacobs 87
Die liefde van 'n moeder deur Rowan Fick 88
'n Gebroke moeder hart deur Calrick Cupido 89
Kies jou pad wys deur Martino Muller 90
Gestroopte identiteit deur Hailey le Fleur 91
Wie is jy? deur Minke Bosch 92
Moederskap deur Tamzin Daniels 93
Die rivier van keuses deur Celsey-Ray Fisher 94
Gebroke drome, stil gebede deur Jean Owies 96
Die donker begin en einde deur Neighthon Winter 97
Verblind in liefde deur Wendell Philander 98
My neef deur Kaylen Adonis 99
Die donker, swaar wolk deur Elzaan du Toit 100
Die lig in my lewe deur Meachail Plato 101
Die winter seisoen deur Talia Roux de Wet 102
Ouerliefde deur Chane Olivier 103
Krismiskooi deur Chanet Muller 104
Armoede, vriendskap, keuses en gevolge deur Alicia Kleynhans 105
Moederskap – Die hartklop van 'n nasie deur Stephanie Coetzee 106
Eensaamheid se skadu deur Racuel Davids 107
Keuse. Hoekom? deur Chandler Adams 108
Die soeke na identiteit deur Jade Jones 109
Vergifnis deur Janelle van der Westhuizen 110

Life deur Michca van Reenen 111
Stukke van ons deur Eshlin Ambrose 112
Vasgevang deur Shannon Simon 113
'n Pa se gebede deur Anastacia Waldeck 114
Krake in die fondasie deur Chante van der Westhuizen 115
In die spieël sien ek nie net my eie gesig nie, deur Chante Van der Westhuizen 116
Nuwe wortels, gebroke takke deur Lize-Mari Lourens 117
Dis wat die balpie maak! deur Mauricia Audrey Plaatjies 118
Ek en jy deur Jayme-Lee Cillie 119
Keuses deur Lilé Pieters 120
Kompas deur Hope Tilling 121
Die strate vanie Bella deur Jaydee Galant 122
Gebroke drome in 'n vergete straat deur Chris-Lynn Adams 123
Vasgevange in die mis deur Zethu Mafilika 124
Stukkies van my deur Jamy-Leigh Mike 126
Die rotse wat my dra deur Andre Olivier 127
Tussen twee wêrelde deur Taryn Groenewald. 128
Wanneer ouers verander deur Nuranah Jacobs 129
Identiteit gedig deur Suné Marais 130
Woestyn blom deur Michele Singleton 131

Inleiding

Die IF- derdejaars bestudeer hierdie jaar *Die storie van Ellen Pakkies* as film en het temas uit die film identifiseer. Studente is aangemoedig om in hul eie variëteit te skryf. Hulle kon toe enige tema kies en daaroor reflekteer. Die studente het daarna oor hul eie lewens en gemeenskap reflekteer en gekyk hoe hierdie gekose tema met hul geleefde werklikheid skakel.

Hierna het hul 'n metafoor gekies wat hul tema uitbeeld en met woorde en beelde begin speel om uiteindelik 'n gedig oor die gekose tema te skryf.

(soeke na) identiteit
"system"
armoede
bendes
diefstal
dwelmmisbruik
dwelms
eensaamheid
geregtigheid
geweld
keuses
mishandeling
omstandighede
opoffering
ouerliefde
ouers
seksuele mishandeling
seksuele teistering
skuldgevoelens
sosiale onreg
uitsiglose bestaan
vergifnis

Vrywaring

Die gedigte in hierdie boek is die oorspronklike werke van die studente. Hierdie werke word slegs vir opvoedkundige doeleindes gedeel en mag nie sonder die uitdruklike toestemming van die outeurs en die betrokke instansie in enige vorm of formaat gereproduseer, gepubliseer of versprei word nie. Alle regte op die gedigte bly by die individuele outeurs.

Onder leiding van Amanda Anker
Saamgestel deur Adrienne van As

Luister gerus na die enkele voorlesings.

Moederskap

deur Deanwill Krotz

My liewe moeder,
hoe liefdevol is jy?
Met al my foute en stoute,
is jy steeds lief vir my.
My liewe moeder,
hoe kragtig is jy?
Deur al my jong nagte,
beskerm jy my.
My liewe moeder,
hoe verdraagsaam is jy?
Al is ek ombeskof,
omhels jy my.
My liewe moeder,
hoe besorgd is jy?
Elke dag maak ma seker,
daar is 'n bord vir my.
My liewe moeder, ja, dit is wie jy is,
my superheld sonder 'n cape.

Kies jou pad

deur Eldino Nero

Op die hoek staan hulle en fluit,
"Sê my, laaitie, is jy reg vir die stryd?"
Hulle wys vir my 'n pad so donker en koud,
'n pad waar mense gou oud word.
Ek kyk na my ma, haar oë vol trane,
Sy bid elke aand, "Here, hou my kind van die bane."
Ek sien my vriend, hy't gekies om te bly,
Nou lê hy hieso, sy tyd is verby.
Ek's nie 'n gangster, ek wil meer wees,
Ek wil vry wees, ek wil my drome lees.
Ek kies my pad, ek kies om te bly,
Want my lewe is kosbaar vermy.

Hoop in die droogte

deur Deidre Wagner

Die wêreld kraak soos droë grond,
verlore drome, stil en blond.
Die reën bly weg, die stroom is weg,
net stof en spore lê verflent.

Maar selfs die droogste aarde weet,
die reën kom altyd weer van weet.
En al is ek nou leeg en flou,
bly hoop my stroom ek vloei weer gou.

Geheime binneland

deur Brendan

Onder die warme Karoo-son
draai 'n warrelwindjie rond.
In 'n dorpie so klein,
raas die stilte van die kwyn.
Die put droog soos 'n woestyn
wat verlang na teerheid, ma' ontvang net pyn.
Soos 'n kaktus bid ek ook sag vir 'n bietjie reën,
Ja saggies, want niemand wil mos 'n lammer hoor kreun.
In die geheime binneland
met wie - deel jy so 'n band?
G'n burger van so 'n droëland,
'hoort mos hand aan hand op die strand.

Storm van verslawing

deur Dee-Anne Donnell du Preez

In die donker nagte se stilte stille, Waar drome saam met dade stille tik, Lê die storm
van verslawing, 'n Krag wat harte met chaos klam laat.
Vergete in die wêreld se lawaai, Slepe siele deur die storm se draai, Drome van 'n helder môre, Verskeur in die wind se sware stryd.
Vriende verdwyn soos mis in reën, Familiebande breek, soos takke skeur, Die wil om
vry te wees, skuil diep, In die verste hoek van hoop se skip.
In dorpe en dorpe lê die spore breed, Elke huis met 'n storie van leed, In die storm se omtrek, stryders veg, Om lig te bring in die nag se weg.
Hoor die stemme van verlore siele, Hulle roep om die kettings te breek, Om 'n toekoms van hoop te bou, Vryheid en genesing oor berge se val.
Die son kom op oor 'n nuwe dag, Waar hoop en liefde weer skyn in prag, In die storm waar ons moes stry, Kom nou lig, helder, vry en bly.
Mense vat hande, staan saam sterk, Bou brûe van genesing oor die storm se merk, Alhoewel die stryd nog voortduur, Is daar krag in eenheid, en geloof wat vuur.
Die storm mag lank bly, sy krag groot, Maar in ons harte brand 'n lig van hoop, Met elke
treetjie vorentoe, Kalmeer ons die storm, stap vir stap, vol moed.

Gebreekte vlerke in ‘n klein dorpie Abbotsdale

deur Amy Williams

In ‘n klein dorpie waar sonskyn verdwyn
raak drome gebreek, verlore in pyn.
Kinders se gelag is nou net ‘n geluid
gevang in vrees wat niemand besluit.
Strate fluister van seer en vrees
‘n kind wat smeek vir die heilige gees.
‘n Mamma wat huil oor ‘n kind wat ly
sy drome en toekoms is alles verby.
Dwelms gly soos slange deur die nag
bring seer ,steel lewens en gee kwaad doen die mag.
‘n Venster wat breek, vuiste wat slaan
‘n huis sonder liefde se toekoms vergaan.
Maar…
Self in die nag is daar ‘n maan wat skyn
‘n kersie wat flikker dus nog nie verby.
Waar dorings eens was, begin lellies te groei
Laat ons liefde vir Abbotsdale nooit uit broei.

Ek soek my pad

deur Rezonte Andrews

Ek soek my pad, maar dis dof,
vol skadu's van ander se verwagtinge.
Ek staar in die spieël, maar die refleksie is onduidelik Ek sit liewers met my verf en borsels, die naels is my escape.
Ek doen nie net naels nie, ek bou 'n identiteit,
vir MY.
Ek hou my sirkel klein, die wêreld het my te veel verras,
nie soos sagte reën wat die grond voed nie.
Ek is steeds op 'n reis, die pad is lank, maar ek sal behoort,
al is die wêreld hoe groot.

Temas: Soeke na identiteit, gebruik van talente as manier van ontsnap, was in die rug gesteek.

In die tuin waar liefde dikwels blom

deur Gina Visagie

In die tuin waar liefde dikwels blom, Groei daar ook onkruid, stil en dom.
Die blomme floreer, maar die onkruid vra, Waarom is dit so moeilik om reg te wees, la?
Die wortels van ons band is diep en sterk, Maar soms is die onkruid wat dit merk. Ek trek dit uit, maar dit kom weer terug, Want die tuin van familie is nie altyd nuut of lug.
Die blomme bloei helder, al is daar seergemaak, Hulle herinner aan tye wat ons nie wil misloop nie, maar ek raak. Die onkruid sal groei, al is die son warm, Maar ek sal steeds probeer, al voel dit soms darm.
Die tuin van gesin, waar alles saam groei, Is nie altyd mooi nie, maar dit is wat ons roei. Al sal die onkruid bly, sal die blomme steeds blom, Want liefde in die tuin is wat altyd kom.

Tema: Familie en die ingewikkelde bande
Metafoor: "Die tuin van onkruid en blomme"

Ons is almal uniek

deur Logan Claasen

Ons is almal uniek, maar tog verbind, soos drade in 'n geweefde weefwerk.
Ek het soms gedink ek breek.
Ek is egter bewus daarvan dat ek niks sonder jou is nie.
Ons kommunikeer nie altyd nie, maar al is die stilte soms oorweldigend, weet ek jy is daar. Liefde is dikwels stil
'n aanraking, 'n glimlag, 'n gebed.
In die kern van ons huis is ek bly om te weet dat ek altyd deel van die plan sal wees, al dra ek 'n gewig van ons verlede en hoop om dit eendag te verstaan.

Tema/Metafoor: Gesinsverhouding

Donker wolke

deur Hayleigh Leandra September

Die wolke hang swaar oor ons dorp,
donker met herinneringe wat seermaak.
Elke druppel wat val, 'n traan van 'n hart,
elke donderweer slag, 'n gil in die nag.
Ons dra die letsels op ons siele,
Ons harte vol krake soos 'n ou muur.
Ons verdrink in pyn, elkeen se eie seer.
Maar in die oë van die storm, vind ons weer krag,
Omring mekaar ,vas te hou, om te bou, om te lag.
Die son sal weer skyn, die wolke sal waai,
Ons sal heel word, ons sal bly staan.
Hierdie dorpie, ons huis, ons hart,
Ons sal oorleef, ons sal weer start.
Want ons is meer as ons pyn, ons vrees,
Ons is 'n gemeenskap, en ons is hier.

(Trauma as 'n donker wolk wat oor 'n gemeenskap hang.)

Wanneer gaan ek uiteindelik gelukkig voel?

deur Ursula Dietrich

My refleksie in die spieël maak my bang vir die vreemdeling wat ek sien
Hoe kan iemand soos ek dit verdien!
Elke dag word daar 'n nuwe lyk weggedra, veroorsaak deur die ingekleurde man
Jongelinge wat die pad buister raak, van hoofseun na 26 gang leader.
My droom van trou en huisbou is weg,
Ek droom nou om net te lewe en die nuwe dag te aanskou.
Ek moet huisvrou speel terwyl mamma saam haar onsigbare vriende lag in die kamer.
Die strate roep, vol geweld, ek is in my eie Pollsmoor vasgevang, Trauma in my siel, die nag wat nooit sal klaarkom nie, al is die son lank aan die gang.
Arme kindertjies se trane vul al klein waterpoele gevul met bloed
Dan se buitestaanders vir hulle "die appel val nie ver van die boom nie"
Kom lewe ons lewe, kom ervaar ons pyn, die las wat ons dra!
Jy sal roep en pleit vir die beskerming van jou ma.
Noem my Adriana Lima, ali pad vanni Cape Flats Met drome van 'n lewe wat ek nooit sal hê nie, of dalk eendag perhaps Ek wag vir Prins Charming, 'n kans om te vlug, Maar die vrees hou my terug, wat van boetie wat na my opkyk?
Die realitiet van die Kaapse lewe het my regtig ontstug.

Mamma waaroor moet ek eintlik stres?

deur Chade Dietrich

Mamma, ek kom met 'n hart vol hoop,
maar orals waar ek rond kyk word die kinders verkoop.
Wat gaan aan met hierdie verdomde wetgewing?
Ek dink hul is in die verkeerde omgewings kring.
Dit voel elke dag ek word versmoor,
maar daar is altyd 'n stryd wat ons almal kan verloor.
Mamma, hoekom hou al die mense so van geheime?
en maak van hul harte moord kuile?
Mamma, waaroor moet ek my regtig bekommer?
Oor die armoede of oor my woede?
Moet nie die ander belangrike een vergeet nie: groepsdruk,
Wat jou lui tot verkeerde keuses wat jou laat skrik.
Elke dag is dit konflik hier en daar,
ek is al so moeg en klaar!
Mamma, eensaamheid kom besoek my gereeld,
en ek voel baie verveeld, want die stilte kom besoek my gereeld.

Die verlore boom

deur Chadé Dietrich

'n Boom wat soos 'n standbeeld staan vasgevang in die stilte.
Wie gaan hom kom red? Lente of herfs?
Dit maak eintlik nie 'n verskil nie.
Sy takke hang oor 'n graf.
Verweerd en oud, soos die spore van verlore tye.
Die wind waai nie meer nie,
maar daar is net 'n doodse stilte.
Die geraas het verdwyn,
daar is nie 'n siel of 'n blaar nie.
Sal dit ooit weer weggaan,
of sal die aarde hom dan nie meer langer kan hou nie.
Wat beteken hy eintlik vir iemand?
Daar is geen hand om sy takke te streel nie.
Geen voël wat sy takke wil omhels nie.
Wie sal hom red ? Lente of herfs ?
Eintlik nie een van die twee nie.

Opoffering is ‘n keuse

deur Chantelle Sampson

Opoffering is ‘n keuse
In die stilte van die nag
lê opofferinge en wag.
Dit is iets waarna ons almal smag,
om weer môre daaroor te lag.
Diep binne jpu verlang jy die kind, wat jy eens op ‘n tyd was.
Wat hou hierdie wêreld jou so vas?
Die liefde wat ek het vir mamma en pappa,
is soos dié om my baba sussie te abba.
Opofferinge kom met ‘n prys.
Het jy gesien my lang lys?
Weet jy wat is pyn?
Ag, ek hou my ma’ klein.
Maak nie saak jou keuse, groot of klein,
soms deel ons dieselfde pyn.
die keuse wat ons op die ou end maak,
Maak regtag saak!

Sonder jou…

deur Amy Wessels

Soos ‘n potlood sonder ‘n punt, Soos ‘n voël sonder vlerke, Soos ‘n klok sonder ‘n wyser, Soos die lente sonder blomme – so sou ek wees sonder jou, verlore en ‘n kind sonder drome.
Jy is my klankbord, ‘n anker in elke springgety. Jy voel soos ‘n somervakansie by die see – bekend, nostalgies, ‘n warmte wat bly. Die een wat trane afvee en drome vlerke gee.
Nagte vir my omgebid, kilos agter my aangery – van skool tot sportveld, huis tot hart. Verder as die langpad tussen Beaufort en Bloem, van tuinpartytjies vol lag op die 16de Januarie elke jaar, tot Marie-koekies en tee in die vroeë oggendure na ‘n donker droom – altyd reg om die stukke op te tel.
Soveel lesse het jy my geleer: Spreuke 4:23 – die antwoord op als. “Beskerm jou hart, my kind”, jou woorde sag. Jou nommer leef in my vingerpunte – ‘n oproep huistoe, soos ‘n wolkbreuk in die Klein Karoo, verligtend en troostend.
Soos ‘n boek sonder blaaie, Soos ‘n somervakansie sonder die see, Soos die Langkloof sonder ‘n vrugteboord – so sou ek wees sonder Mamma, verlore en ‘n kind sonder drome.

Dowwe lig, ‘n donker tonnel

deur Kaitlin Fortuin

Dowwe lig, ‘n donker tonnel
Vol lewe en lig het ek myself bevind
Soos die gevoel wanneer jy
‘n sonsondergaan uitsig wat ver
Oor die see gloei, sien
So gelukkig soos ‘n hond met twee sterte
Min weet, my keuses sou dit als wegsteel
“wys my jou vriende, dan wys ek jou, jou toekoms”
Ek hou my doof soos ‘n klip
Binne die vierhoeke van straatspunt,
Vriende hier en daar gekies
Met hoop om liefde en lag te bind
Een oomblik voel ek veilig tuis
Een oomblik steek hulle die vuur in my aan
Een oomblik trek ek diep, my kop
Ek hoes en proes en voel free
Ek sweef soos ‘n arend in die wind
Van al my probleme hier
En net hier wil ek bly, met my lekkerstok
Mamma my gewaarsku, maar niks kon my stop
Dis al wat ek wil he, al wat ek aan dink
Ek sal deur vuur en vlam gaan om dit te kry
Lewens vernietig, al is hulle hoe na aan my
“kom trek ‘n skuif, try it”
Is die rede hoekom my gedagte met my kop riot
Ek wens ek’t na mamma geluister
Nou sit ek in die donker tonnel, met dowwe lig
En met tyd flikker dit, maar veraltyd sal ek voel
Soos ‘n voël met gebreekte vlerke

Erens tussen nêrens

deur Yuanita Minnies

Erens tussen nêrens
Vind ek myself in die verlate strate
van die verlede
Op soek na die dogtertjie
wie ek was
Geen rigting in plek
Net die skaduwee wat in die stilte sweef soos 'n spook
Wat by my hinker in die donker
Op soek na sterre
Wat flikker vir 'n beter môre

Waar ek jou groet

deur Anoniem

Waar ek jou groet

Jou groen oë,
soos woude waar ek verlore wou bly,
kyk nou na haar
soos jy eens na my gekyk het.

Jou donker hare val oor jou gesig
soos dit altyd gedoen het wanneer jy lag,
maar ek is nie meer die rede nie.

Ek sê vir almal ek's oukei,
ek sê vir myself ek's oukei,
maar jou stem is nog 'n spook in my kop,
jou naam nog swaar op my tong.

Jy is weg,
maar jy is nog steeds hier.

Hoe los jy iets wat jy nooit heeltemal gehad het nie?
Hoe los jy iemand wat jy nie wil vergeet nie,
wat jy nie wil laat gaan nie?

Jy is weg,
maar jy is nog steeds hier.

Ek sien jou oë in my gedagtes,
en ek wonder of jy ooit na my kyk,
of jy ooit terug kyk na wat ons was.

Ek mis jou nie net as die persoon wat ek liefgehad het nie,
maar as die beste vriend wat ek nie meer het nie.

Ek weet ek moet laat gaan,
maar ek kan nie help om te wonder,
hoeveel van jou ek regtig kan los.

Lig in die skaduwees

deur Sjané Faul

In die stilte van die nag, waar die wind saggies roer,
droom ek van die tye toe alles nog in die plek was,
maar die keuses wat ek gemaak het, het die pad geskeur,
en nou leef ek met die leë ruimtes, die onvergeetlike las.
Soos Ellen in haar pyn, ek ook gesukkel het,
om 'n balans te vind tussen liefde en verlies,
en al het ek probeer om te vergewe,
het ek steeds vasgehou aan alles wat ek mis.
Ouerliefde, 'n liefde wat nie altyd gereflekteer word nie,
wat deur die stof van misverstande en bitterheid beweeg,
maar ek het geweet, in my hart was die hoop,
dat ek sal kan vergewe, al voel ek dikwels gebroke.
Eensaamheid het 'n vriend geword,
maar ek het geweet ek is nie werklik alleen nie,
want die liefde wat ek gegee het, bly steeds in die lug,
soos 'n sagte herinnering wat nie heeltemal vervaag nie.
Ek het die skuld van my keuses aan my vasgeketting,
maar ek het ook gesoek na vrede in die chaos,
want in die donkerheid van my hart,
is daar altyd die moontlikheid van lig, al is dit klein.
So ek stap voort, deur die skaduwees van my eie foute,
weet ek dat die pad nie altyd reg is nie,
maar elke stap is 'n kans om iets nuut te leer,
en dalk, net dalk, sal ek die lig aan die einde van die tonnel sien.

My wonderwerk kind

deur Janine Geritse

Ek onthou nog die dag toe ek jou die eerste keer vashou
so sag, so teur, jou reuk kry ek nog keer op keer.
Jy het so onverwags gekom, so gou
elke oomblik is kosbaar saam met jou.
Partykeer vra ek myself: sal ek vir jou kan gee wat jou hart verlang
of sal jy my skreeu en teen my staan.
Sal jy ook sê jy wens jy was nog nooit hier,
of sal jy my lief hê van die more tot die aand.
My wonderwerk, my liewe kind.
Ek is alreeds jou grootste fan
en al staan daar tien duisend mense teen jou op
onthou, jy is my wonderwerk kind.
Jou pyn is my pyn.
Jou glimlag is my glimlag.
Ek sal jou vertroueling wees
altyd daar wees vir jou. God het geweet ek het jou nodig.
Dankie vir jou pragtige liefde in my lewe
Van jou ma
Aan jou.

Tema: Moederskap

Gedig 2: Luister na die voorlesing van hierdie gedig (Kliek hier)

Kies

deur Luane Scheepers

Ek staan en kyk, twee paaie voor, watter een is reg, watter een verloor? Ek wens ek weet, ek wens ek sien, maar ek moet kies en vorentoe gaan. Miskien is dit ver, miskien is dit swaar, miskien maak ek foute, miskien raak ek naar. Maar ek sal loop, ek sal probeer, want elke keuse leer my meer.

Tema: Keuses

Die lig in die duisternis

deur Mischke Joubert

Die lig in die duisternis
Tema: Verslawing van dwelms en die effek op familie
In die nag se skadu's, 'n storm wat waak,
Die liefde van 'n moeder, gebroke maar sterk,
Haar kind, 'n skadu, verlore in dwelms se smaak,
In stilte roep sy, 'n gebed, 'n werk.
Dwelms, soos slange, sluip stil in die huis,
Hulle kronkel en draai, steel hoop en vreugde,
Familie in kettings, gebind deur die gruis,
Elke traan 'n verhaal van verlore deugde.
Soos 'n boom wat in die wind buig en breek,
Stryd teen die donkerte, 'n lig wat flikker,
In ons harte, die liefde wat nooit sal verwek,
Saam kan ons staan, ons drome herstel.
Laat ons nie swyg nie, laat ons stem laat hoor,
In ons gemeenskap, saam met liefde se krag,
Vir elke hart wat sukkel, vir elke gebroke spoor,
Sal ons herstel en hoop vind, met elke nag.

Geheime

deur Jana Louw

Iets wat jou van binne af opvreet of selfs net skuldig laat voel. Iets wat altyd binne in jou bly en met watter doel?
Dit bly in jou gedagtes ronddraai, soos 'n skadu wat nooit verdwyn nie. Dit steel jou vrede, stadig maar seker, totdat jy nie jouself meer ken nie.
Dit kan jou wegvoer soos 'n rivier en as jy om hulp wil bel, is jy gelos in 'n see van spyt en moet jy jouself uitdelf.
Alles word verklap, en mense kry seer. Jy hoop om uit jou foute te leer, maar dan gebeur dit net weer….

Rook en hartseer

deur Anwill Hendricks

My vriend ken jy vir groen,
‘n vlugtige vreugde, ‘n valse vertoon.
Wel verlore in ‘n labrint, ‘n leuen se lus,
waar die hoop verdwyn, en die hartseer rus.
Fragmente van self, en ‘n stukkende siel,
met ‘n stryd teen skaduwees, en ‘n stille kwel.
Hy is die gif van gister, ‘n greep so koud,
‘n kluis van kettings jou laat kragteloos voel.
My vriend ek vra weer ken jy vir groen.

Vergifnis

deur Jacquine Strydom

Vergifnis is 'n sagte bries, wat wonde heel en pyn verwýs.
Dit breek die kettings, laat jou vry, soos son wat deur die wolke spry.
Dit is nie swak, dit vra moed, 'n hart wat liefhet, groot en goed.
Om seer te los, om vrede te kies, maak laste lig, gee siel 'n rus.
Soos water wat 'n rots kan slyp, so genees dit elke stryd en wryp.
Gee dit vir ander, gee dit vir jou, en kyk hoe vrede blom en bou.

Hoop

deur John-Ree Tamboer

Here, elke woord wat ek neer pen
Laat dit tog groei, en siele wen…
God, my woord…
my pen my ink
ek hoop my sonnet val dan waar hy hoort
Here, laat u goedheid in my refreine sink
Here,
dis al waaraan ek kan dink.

Eggo's van die stille wonde

deur Pearlé Amsterdam

Eggo's van die stille wonde.
Het jy al gevoel hoe voel 'n draad wat styf oor jou bors getrek word.
Dit voel soos 'n rustelose pyn wat nie rus kan vind nie.
Al wat jy kan uitkry is "Please help me oh lord."
Trauma is soos 'n pikswart skaduwee in die dagbreek.
Swaar en donker gedagtes wat jy nie kan beskryf,
maar net aanhou vir God smeek.
Smeek om die pyn te verlig, kop te laat rus
een aand se slaap,
sonder om aan die huil te raak.
Tog op een of ander manier maak Trauma ons sterk.
Leer jou om harder te word en aan jouself te werk.
Leer jou om die vuil daar buite in die oë te staar.
Sodat jy kan sien, die wêreld is nie altyd klaar.
Ai Trauma, jy gee my sommer hoendervleis.
Ek hoop ek kan by bly op hierdie reis.

Tema: Trauma

In die skadu van die reg

deur Whenique Daffiet

In die skadu van die reg se stem, waar wetgewing se pen, dikwels lem, staan ons vas, vas in die stryd, die konflik wat in die samelewing gly.
Die klank van opdragte, streng en duidelik, terwyl ons steeds die druk van ander voel, hulle hande wat duim neerdruk, en ons harte wat weeg onder die samelewing se stewig vasgeklitte greep.
Groepdruk, 'n greep wat saggies kruip, wat ons aan die gang hou, ons laat beweeg, terwyl ons soek na die regte pad, in die chaos van wette, nie heeltemal verstaan nie.
Wetgewing en konflik, hand aan hand, skryf die stories wat ons nie wil ken nie, maar soms, in die druk van die samelewing, word die stem van die reg die een wat ons laat staan.

Die roete na NÊRENS

deur Tammy-Ann Kroutz

Hulle sê dit sal jou vry maak
"Net een keer , net vir 'n slag",
Maar die kettings wat jy nie kan sien,
Hou jou vas.
Elke trek, elke sluk, elke oomblik van plesier
lei jou na 'n droom wat nooit bestaan.
'n Valse belofte, 'n glans wat vergaan,
voer jou weg in 'n wêreld van leuens,
waar jy niks verstaan.
Hoe meer jy soek
Hoe meer raak jy verward.
In die leë beloftes van vryheid
wat jou geestelikheid verhard.

Tema: Dwelms

Ek laat los

deur Wilmarie Smit

Ek het vir jou 'n huis gebou,
mure van vertroue, 'n dak van drome.
Jy het dit verlaat sonder om terug te kyk,
net stof en stilte in jou plek.

Ek het my hart soos 'n brief gegee,
maar jy het dit nie gelees nie,
net gekreukel en geskeur,
die woorde weggegooi soos iets vergete.

Jy was 'n storm wat my wêreld geruk het,
maar storms hou nie vir ewig nie.
Ek het gedink ek moet jou haat,
dat ek jou skuld moes dra soos 'n ketting.

Ek vergewe jou.
Ek vergewe jou vir die woorde wat jy nooit gesê het nie,
vir die leegheid wat jy in my laat.
Ek vergewe jou vir die drome wat jy laat verkrummel het,
vir die beloftes wat jy gebreek het.

Ek vergewe jou dat jy vir haar gegee het
wat ek gevra en gesmeek het.
Ek vergewe jou dat jy haar gekies het,
dat jy agter my rug vir haar gegaan het.

Ek vergewe jou.
Nie omdat jy dit verdien nie,
maar omdat ek verdien om vry te wees.
Ek kies om lig te wees,
om nie meer die las van gister te dra nie.

Die huis wat ek vir jou gebou het,
het ek nou vir myself herbou.
Die brief wat jy nooit gelees het nie,
het ek vir my eie hart herskryf.

En die storm?
Dit het gelê.
Ek loop nou weg sonder vrees,
sonder haat, sonder pyn.
Ek vergewe jou, en daarom is ek vry.

4 ure, wit geverf
deur Anoniem

4 mure, wit geverf
sigbaar in my slaap, in my denke, in my vrese

die verf dop stuk-stuk af,
ek wens ek kon die simboliek vroeër raaksien

'n gestreepte "jumpsuit" lê in die hoek
rooi en wit
oë toe, oë oop, oë toe
vlak en vinnige asemhalings

van vriend na vyand
die ontkenning was die ergste

stil-stil aan die buitewyke van Bloemfontein,
het 4 wit mure my vasgedruk

met 'n masker op
het ek matriek geslaag

sy oë
sy sigaret asem
sy manipulerende woorde
het my gevolg;
daagliks
konstant
tergend

herinneringe kan nie afgewas word nie;
vingerafdrukke virewig getatoeëer

want in hierdie wêreld beteken "nee" mos "ja"...
en niemand glo jou nie

Ouers, millenia is viby….

deur Zavion Erasmus

Hy was n kind van die soemer gewies
Alles was perfect
Laerskool, die tyd van innocent en geluk,
Hy was n obiedent kind,
Top presteerde en sportman vannie jar.
Alles was net perfect.
Sy verjaarsdag was or,
En soemer is nou verby
Jare later beginne hy, "hoerskool life"
Hy kon nie mee by hou ni, die "prefekte lewe"!
Met ouers wat streng is…mos hy die masker bly hou
Die fase van bully is glad nie legeh ni, but myne het, ek velief geraak voo.
Dis nogals weird, maar alles is mos net n fase.
Blootstelling vannie reality,
Begine dinge doen wat hy nie wil,
Dwelmmisbruik, verdryping van liggaam… alles wat legeh was
Die jare van skool is verby en die masker word bly hou
Met streng ouers moet alle bly hou
As hul net geweet het... Die perfect life
Damage control
Met streng ouers
Net as daar commication was.
Die concequence, nou word hy met aids gedianose
Alles is verby
Die dokter het gese hy net paar maande oor vir leef,
As daar net minner maatreels was.
My pefect lewe is verby… ruin!
6ft under, ma vergifnis is vrede
Vergeet en vergeef, en hou op trane stort van soemer breek alwee aan
Alles sal weer goet verloop, maar soemer sal noiit weer dieselle wees.

Tema: Vergifnis

Stigma en oordeel

deur Nasheeta Petro

In die strate van my land so wyd,
waar drome blom en drome gly,
leef daar stories, swaar gelaai,
van mense wat stil hul swaarkry dra.
'n Ma wat huil, haar kind verlore,
aan dwelms en die wêreld se ore,
maar vingers wys, monde praat,
sonder om haar pyn te raaksien laat.
'n Man wat sukkel, want werk is min,
sy hande hard, sy maag is dun,
tog kyk die wêreld hom verby,
asof sy hart nie klop soos myne.
'n Meisie stap met haar oë laag,
sy dra 'n geheim wat brand soos 'n vlam in haar,
maar agter fluisteringe en kyk,
is daar niemand om 'n hand uit te reik.
Stigma 'n wapen wat harte verkrag,
oordeel sny soos 'n mes se punt.
As ons net luister, regtig verstaan,
nie net vingers wys en wegkyk met skaam,
dalk sal ons werklik sien - 'n mens met 'n naam.
Kom breek die kettings, bou 'n brug,
gee liefde waar die wêreld sug,
want agter elke merk en seer,
klop 'n hart wat ook wil leer.

Liewe Ystervrou

deur Clerise Owies

Liewe Ystervrou
Liewe ystervrou wat het van jou geword?
As ek aan jou dink kan ek nie help om 'n traan te stort.
My hart is swaar
en dit is moeilik om te aanvaar.
Jy was dan so vrolik en bly,
so hoe kon jy net verby my gly?
Sonder woorde,
sonder aksie
Liewe ystervrou wat het van jou geword?
Jy sê jy't probeer om sterk te wees,
maar nou bots jou vlees
teen my gees.
Liewe ystervrou wat het van jou geword?
As juffrou vra, waars mamma?
Kan ek nie help as om uit by die venster te staar.
Hoe sê ek vir haar ek wag vir daardie bose gees om uit te vaar?
Jy't my dan groot gemaak
Jys my mamma!
Dit is hoekom dit my so diep raak.
Jy's nie net 'n naam op my gebed bord,
ek kan nie wag tot mamma wakker word.
Klein bietjie geloof, is al wat ek benodig,
dit is wat ouma sê.
Ons almal wil net die beste vir jou hê
Toemaar,ek sal aanhou bid vir genesing
Liewe Ystervrou
Ek sien uit om te sien wat van jou gaan word.

Keuses

deur Imke Vermeulen

Elke dag ‘n nuwe pad, ‘n keuse wat wag,
‘n Kruispad tussen lig en nag.
Sommige paaie kronkel wyd,
ander smal en sonder spyt.
Elke keuse ‘n saadjie klein,
wat groei tot doring of tot wyn.
Soms kies ons lig, soms kies ons swaar,
soms bring keuses diep gevaar.
‘n Keuse kan ‘n droom laat blom,
of ‘n hartseer skadu kom.
Maar sonder keuses watter pad?
Sonder keuses geen gevat.
So kies met wysheid, kies met moed,
en weet jou keuse bou jou voet.

Onregverdig

deur Caleb Karriem

Ek word wakker in die nag
Dit is net skote wat wag
Ek kruip onder die bed
Al wat ek dink: net nog 'n gewone dag
Drome word waar, maar in die vlaktes
Moet jy jou drome bewaar.
Soms kan dit skielik weggevat word,
Al is dit nie jy self nie.
Dit is onregverdig dat ek elke dag moet sukkel
Om my drome waar te maak.
Ek het 'n doel in die lewe, maar
Ek begin bewe.
Wat as ek nie hier uitkom nie?
Waar gaan ek eindig?
Wat is my toekoms?
Net nog 'n dag in die vlaktes
Waar als gebeur, skote wat wag
In die nag, vrees wat kom.
Net nog 'n dag is al wat wag.

Elke keuse het nagevolge

deur Jayn-Lynn Mepomie

Elke keuse het nagevolge
Die horlosie tik aan, die tyd loop uit
'n Ouer se val, 'n kind se greep verloor
Terwyl lewens verwoes word, glad nie berou
Al die toekoms planne verdwyn soos mis voor die son.
Elke keuse wat gemaak word, 'n rimpeling effek
'n Kind se trane kan ons nie wegsteek nie
Maar waar is die liefde?
Te besig om verkeerde besluite te neem.
Tog stop horlosies nie, hulle beweeg voort,
Deur gebroke huise, deur ongestorte trane.
Maar tyd kan genees, as harte sal herstel
As liefde terugkeer, eendag as die siklusse wel eindig.
So hoor die tik, dink aan jou dade
Dink aan jou nageslag
Want kinders kyk, hulle leer, hulle sien –
Wat jy kies, kan hulle ook wees.

Nama tjend!

deur Charn-Leigh Boyce

Kaalvoet trap oor growwe stofpaaie
Drome verdoof deur droë vlaktes se waai
Hoop lê vêr op die eindelose stofpad
Waar berge geheime dinge wegsteek, so glad
Nama tjend, met oë vol sterre en hoop
Drome van 'n wêreld buite die platteland se loop
Elke tree, 'n stap nader aan haar wens
In Namakwaland se skadu, haar drome intens
Die stofpaaie mag rof en droog wees
Maar Nama tjend se gees bly sterk en vreesloos
Sy sien die berge, die opwinding wat wag
En weet haar drome sal eendag oorwin sonder 'n slag.

Tema: Hoop

Verlore pad

deur Tameka Benjamin

Hy was ’n seun met drome so groot,
’n ster wat helder in die donkerte skyn,
maar die wêreld was hard, sy laste te swaar—
soos ’n stormwind wat hom stadig laat kwyn.
Pille soos sterre, poeier soos stof,
’n naald wat fluister, “Ek bring jou vry.”
Maar elke keer wat hy die wolke klim,
val hy dieper, vaster vasgevang in stryd.
Sy ma se trane droog nooit op,
haar hande gevou, gebede wat breek.
“Kom huis toe, my kind, ek wag nog hier.”
Maar hy hoor dit nie—die dwelm skree te skeef.
Trauma lê soos ’n skadu oor sy hart,
’n wond wat bloei sonder seer,
’n kind gebore uit pyn en stryd,
maar in sy oë—niks is meer.
Kan iemand hom red? Kan iemand hom keer?
Of bly hy verlore op ’n pad sonder keer?

Brandende huis

deur Audrey Engelbrecht

My huis het stadig begin brand, nie in vlamme wat hard skree nie, maar in rook wat stil oor mure gly, soos geheime wat niemand raaksien nie.
Elke kamer vol herinneringe— foto's van lag, hoop se sagte lig— nou verswelg deur donker rook, terwyl jy verdwaal in 'n doolhof van rook.
Ek sien jou hande, dun en breekbaar, klou aan beloftes wat lankal as stof lê.
Jou oë—leë vensters— kyk na my, maar sien my nie meer nie.
Ons probeer water bring, emmers van liefde, van gebede, maar die vlamme vra altyd meer— meer geld, meer drome, meer hoop.
Hoe blus jy 'n vuur wat van binne brand, wanneer elke poging net meer rook laat?
Tog, in die as van môre, tussen swart gebrande mure, groei 'n klein groen spruit. Miskien, net miskien, kan hierdie huis weer 'n tuiste wees.

Die soeke na ‘n veilige hawe

deur Mikyala Arnoldus



Die soeke na n veiliger hawe

Gevoelens gehoor van ver
18, 19, 20 en dit sak my diep binne
Met alkohol wat die pyn van lewe effens uitdoof
Try ons some so bietjie daggatjies
Genesing dóóf skielik uit
Op soek na iets sterker
Crime op Crime,
maar steeds is ek vasgevang in armoede
Armoede van alleenheid
Met liefde wat ontbreek
lyk suicide na n veiliger hawe

—Kayla

Verlies in die donker

deur Zoe Benjamin



Verlies in die Donker.

In die huis is dit stil,
die wind waai, maar breek nie die venster nie
Ek sien joy, jy sak al verder,
en ek staan en kyk hoe jy verdwyn.

Jy het nie die krag om weer op te
staan nie,
jou wortels, diep in ń grond wat jou nie
meer dra nie.
Elke dag is ń storm wat jy nie kan beheer nie
maar jy is steeds my moeder, ek is steeds
jou Kind.

Ek wil jou red, maar ek weet nie hoe nie he
soos ń ~~broom~~ Boom wat val en nie
weer sal groei nie.

Die liefde wat ek vir jou het,
is nie altyd genoeg nie,
maar ek sal nie weggaan nie,
want jy is die huis waarin ek gebore i

Vrees

deur Lee-Ann Koopman



Vrees

Vreesbevange loop sy rond
maar sit nog vasgeketting met die wond
skrik wakker in die nag soos 'n hond
probeer vergeet, nog niks geëet

Intussen loop hy rond, vry
wens die Here wil hom kry
sy probeer hom ten alle tye vermy
hou haar kinders styf vas aan haar sy

Vreesbevange leer sy oor haar skouer
word dit hoe ouer
soos 'n toeskouer in haar eie lewe
~~Vre~~

Vreeshouer in haar eie lewe.

Die soeke na 'n veiliger hawe

deur Mikyala Arnoldus



Die soeke na 'n veiliger hawe.

Dus gevoelens gehoor van ver
18, 19, 20 en dit sak my diep binne.
Met alkohol wat die pyn effens geneer,
try ons some so bietjie daggafjies.
Genesing doof skielik uit.
Op soek na iets sterker
Crime op crime
maar steeds vasgevang in armoede
Armoede van alleenheid
met liefde wat ontbloot.
Iyk suicide na 'n veiliger hawe.

Die donker begin en einde

deur Neighthon Winter

DIE DONKER BEGIN EN EINDE
Ek groet ma,
ek groet pa.
Die donker sien hoe ek uittrek,
die son stap saam my deur die skoolhek.
Skool word gedoen, ek groet vir my onnie,
ek waai vir my vriend Donny.
Ouma druk al my asem uit,
oupa werk aan sy kar en knip uit die punt.
Die son sak saam my vel doppe,
die maanlig groet my met n glimlag.
Piep piep, hoor ek buite, dis pa,
ek gaan huis toe, die dag is kla.
Neighthon Winter
222472502

‘n Duif

deur Marlyn Smit

‘n Duif
Vlieg laag oor die vlakte heen,
oor die land waar kinders skreeu,
‘n duif so wit soos sneeu,
sy vlerke fladder sag soos wat die land ween.
Die land is smal en koud,
‘n stryd van oorlewing, ‘n verhaal oud.
‘n Stilte van oorlewing,
die duif se vlerke wit en rein
In kontras met die land se onheil.
Kinders honger, groot en klein,
‘n onreg skreeuend, gedompel in pyn.
Die duif se koer ‘n sagte lied,
verlore in die rumoer van verdriet.
‘n Land van ryk en arm,
waar hoop verdwyn en seer alarm.
Die duif vlieg weg, ‘n laaste oomblik,
oor ‘n nasie vasgevang in ‘n donker wip.
Sal vrede kom, sal gereg geskied?
Of bly die duif ‘n droom, in hierdie verlate gebied?

Gevang in sinkende sand

deur Abigail Alkaster

William kom en gaan soos ‘n fluisterwind,‘n belofte gemaak, ‘n belofte verslind. Sy oë – twee donker putte vol skyn, waar hoop versmoor in ‘n poeiervyn. Ma se seun, haar lieflingkind, geen kwaad wat sy in hom vind. Al steel hy ons brood, al breek hy ons huis, bly sy hand steeds sag op sy skuldige kruis. Tik is ‘n sinkgat, sluk hom heel, trek hom dieper, laat hom speel. Elke tree is ‘n val, ‘n laaste kans, maar sy voete gly in dwelm se dans. Geheime fluister in middernag se stilte, misdaad klop aan met yskoue gilte. Armoede vasklou, ‘n ketting so swaar, William probeer breek, maar val net weer daar. En tog, vir ‘n oogwink—net ‘n oomblik of twee, staan hy skoon, praat hy sag, kyk hy reguit mee. Dan roep die sinkgat, gryp hom vas,en weer verdwyn hy in dwelm se las.

In’ n besige gemeenskap waar die pyn altyd groei

deur Angus Solomon

In n besige gemeenskap waar die pyn altyd groei,
is ons almal die hoof karakter in ons eie lewe.
Maak ons opofferings wat die stilte breek,
maar jy druk deur en hou aan strewe.
Met alle opofferings, hou jou geloof, diamante word gevorm deur druk.
Jou tyd sal kom my kind, kry jou mantjie jy sal binnekort jou vrugte pluk.

Buite die boeke

deur Amron Matthews

My broer, die laaste gebore, wat die las dra,
Van sy ouers se laste, te diep, te swaar.
Die liefde van 'n paar, eens sterk, nou geskeur,
'n Band ontwrig, wat hom hartseer verweer.
Terwyl my suster en ek, deur storms ons het gegroei,
Het sy woede gegroei, dieper, dit het nie gestop nie.
Tussen die beproewing, so algemeen, so waar,
Het hy nie net die binne nie, maar ook die buite klaar.
Vallende punte, verkeerde vriende wat hom afbring,
Leker slaap om die boelie se snou te vermy, heeltemal min.
Vrae buite die boeke, wat die prestasie beïnvloed,
Dit raak sy hart, en die grade wat nie goed.
As ek net vir hom kon sê, net een eenvoudige frase,
Niemand kan hom red nie, net hy self, in sy fase.
Die woede wat brand, dit kan net oorwin,
Deur die krag wat hy het, deur sy eie sin.
Jy is nie net jou omstandighede, moenie vasval nie,
Jy is groter as dit, met ‘n kragtige gedagtes van binne.
Laat die boek 'n haak wees, ‘n manier om vry te wees,
Vir diegene wat voel vasgevang, wil ontsnap, verlang om te wees.
‘n Weg om te ontsnap, na 'n lewe veel beter,
Om op te staan, te skitter, soos 'n helder letter.

Dwelms in die duisternis

deur Cadre Chad Pietersen

Dwelms in die duisternis
In die stilte van ons strate,
Waar hoop soos ‘n rook verdamp,
Kom dwelms stil en ongemerk,
En vat die mense wat teen die wind stamp.

Oë wat gister vol beloftes was,
Is nou maar net leeg in die nag,
Drome wat in die die donker smelt,
vergeet die lig, gestrand in die lag.
Maar in elke hart brand ‘n vuur,
Wat die donker kan verdryf,
As ons hande saamvoeg, in eeheid,
Sal ons weer vry wees, vol lewe, vol stryd.

Want niks sal kan keer wat ons bou,
As ons saamstaan, sterk soos ‘n muur.
Met elke stap, elke gebed, sal ons herstel, sal ons oorleef
Sal ons leef.

Stormhuis

deur Kesha Hofmeester

Die wind huil deur die mure,
'n huis gebou op onstuimige grond.
Stormwolke pak saam in haar oë,
bliksemskielik spat woorde se wond.
Donderweer breek oor ons tafel,
waar gister se krummels nog lê.
Ek en my Pa loop op eierdoppe,
maar die vloed trek ons steeds in sy mee.
Ek het my eie storm probeer stilmaak,
rook soos mis oor my gedagtes laat gly.
Maar die golwe het steeds bly bot,
die oseaan het my nie vry.
Nou soek ek die son tussen klowe,
breek lig deur die digte grys.
Ek weet die storm sal altyd terugkeer,
maar ek sal nie meer onder dit bly.

Dorings in die tuin

deur Leron Hendricks

My wêreld was eens 'n tuin vol blomme,
gevul met lag, met liefde, met drome.
Maar toe groei daar dorings, skerp en fel,
dinge wat ek nooit kon voorspel.

Eers was dit klein, net een of twee,
maar gou het hulle begin oorneem.
Die doringbos het my ingesluit,
sy kloue om my hart gekrul en gedruk.

Ek skreeu vir hulp, maar die wind waai vêr,
my stem verstrengel in die takke se spêr.
Die reën val neer, maar bring geen groei
net modder, net trane, net bietjie hoop.

My hande bloei toe ek probeer kap,
maar die dorings kweek net vinniger aan.
Hoe veg mens teen iets wat jy liefhet,
maar wat jou vernietig van binne af?

As ek net 'n vlam kon kry, 'n lig,
iets om hierdie bos op te krul in die rig.
Maar vir nou kap ek een tak op 'n slag
met hoop dat môre weer blom kan dra.

Moederskap, ‘n liefde wat groei in die hart en wyd.

deur Germaine Van Sitters

Moederskap, ‘n liefde wat groei in die hart en wyd.
Elke traan, elke glimlag, elke seer,
Bou ‘n pad van bekommernis en vreugde so dier

Die arms wat jou vashou in die donker nag,
Die stem wat jou lei met vetroosende mag.
In die stilte wag sy, as jy huil of lag.
Haar liefde bly altyd, deur elke dag.

Sy is die lig, die warmste skoot,
Die anker wat jou as kind hou in storms, wat jy hoot.
Deur elke seisoen, die lewe se dans,
Is sy jou rots, jou wonder, jou kans

Moederskap is nie net gee nie,
Dit is ‘n reis van liefde en seergemaak wees
Sonder einde, sonder vrees.

Ellen Pakkies

deur Audery Moses

Ellen Pakkies , ñ ma se desperate gehuil
ñ Seun se verslawing, ñ las so diep soos ñ gekruil
Sy het hulp gesoek, maar niks
niks
het gekom

In ñ oombelik se waansin,n noodlottige daad
ñ Ma se hartseer, ñ nood geroep aan die staad
Om te verstaan, te ondersteun, om te genees
Ellen Pakkies se storie, ñ les om te lees

ñ Hulp skree,ñ geroep tot aksie ook
Om verslawing aan te spreek, en dit deur te loop
Ellen Pakkies se storie , ñ herinnering om om te gee
Vir die wat sukkel , en die wat wanhopig optree .

Lig in die donker

deur Chanté Fredericks

In ’n wêreld vol vrae en twyfel se vloei,
het ek my pad gesoek, my drome gebou.
Elke tree, al is dit swaar,
wys my hoe sterk ek regtig waar.

Uit die dorpe van verlange en stryd,
het ek geglo daar’s lig al lyk dit wyd.
Met moed in my hart en hoop as my lig,
staan ek steeds op, ongeag die gewig.

Ek was ’n stem in ’n klaskamer klein,
het kinders gehelp om hul toekoms te sein.
Nou soek ek my weg in ’n wêreld so groot,
maar ek weet my drome het steeds ’n bood.

Ek val, ek staan op, ek leer en ek groei,
elke seisoen bring weer nuwe bloei.
Want diep in my hart, ongeag wat verdwyn,
sal hoop my altyd weer laat verskyn.

Soeklig op my siel
deur Tanike Bantom

Ek stap die strate van my gedagtes
verlore in drome wat nooit was nie.
Wie ek is, wie ek was,
verdwyn in die skadu's van gister.

Vriende se stemme trek my nader,
'n soet belofte, 'n kort ontsnapping.
'n Pil se fluister,
'n poeier se belofte van vergeet.

Maar in die spieël sien ek net krake,
oë wat skree sonder klank.
Elke wond 'n storie,
elke letsel 'n lied van pyn.

Ek dra die gewig van gister se trauma,
'n tas vol seer sonder slot.
Hulle sê ek moet sterker wees,
maar hoe, as ek nie eers weet wie ek is nie?

Groepsdruk klop aan my hart,
'n stem wat smeek om in te pas.
Maar is ek net 'n masker,
of kan ek my eie pad loop?

Soeklig flits in die donker,
'n bietjie hoop, 'n bietjie lig.
Miskien is ek meer as my wonde,
miskien is ek meer as my vrees.

Ek soek, ek struikel, ek staan op.
My identiteit is myne om te skep.

Dit wat eens was

deur Genevieve Wilschut

hy raak daaraan
en vat dit as sy eie
Dit wat eens my trots was
Dit wat eens my onskuld was

Die broos vel wat deur sy handveroorsaak was
Word versmoor onder merke van selfdood
Om op te hou asemhaal
Was my grootste wens

Haal weg my vroulike eienskappe wat mans sien as aantreklik
Sny my hare af, hy't sy hande daaroor gestreel
Haal weg my privaat dele, hy't my privaatheid binnegedring
Haal weg, wat eens aan my behoort het

Want dit wat eens was, is nie meer.

’n Bloedbad van emosie

deur Maclin Owies

Geweld,soos stormwinde wat die aarde skeur,
die skeur van die wêreld,
die grond wat dreun.
Geweld en pyn,
ek ken die spoor,
waar hoop verlore is
en daar niks meer oor is.
Kom ons maak oop in gebed
sodat ons kan sien wat ons het.
Liggame gebreek in die stryd vir meer,
’n bou van liefde,gebou in
die oorlog se sfeer.
Elke trap, elke stap, elke slag is ’n spel,
’n reis wat begin en in ’n bloedbad eindig.

Opoffering-my hart se naam.
My hande is seer van alles wat
ek gegee het,
maar steeds is daar ’n leemte in my hart.
Ek staan in die skadu, my hande vol roes.
Dit is stil, maar ek dra die vloek van die boos.
Die wêreld vra, maar niemand gee nie,
ek gee wat ek het- wat ek is,
maar ek soek niks wat ek sien nie.
Is dit die prys wat ons moet betaal?
Opoffering sonder genade,
is dit die groot verhaal?

In die duister, waar die son nie skyn,
leef ek in ’n wêreld, kaal en klein.
Ek gee alles en vra niks.
Die kind in my, dit wil nie stop nie,
Dit soek iets,
iets om vas te hou,
iets om te sien,
iets goed vir die siel.

Innerlike pleidooi na hoop

deur Khadijah April

Een keer se trek was al wat nodig was
om ñ ma se hart oop te rek
ñ Ma op haar knieë, biddend
maar was tevergeefs, soveel teleurstellings en hartbreke
is haar tyd van liefhê nog nie verstreke
Haar oë wat van baie geweld en armoede kan getuig
wat wees en verlate die wêreld aanskou
Elkeen van haar trane kompeteer om hul wedstryd te voltooi
terwyl haar seun hom nog net verder vergooi
Sy groet altyd met ñ breë glimlag, so breed soos ñ rivier
ag, hoe wens sy binne-in haar vir net ñ bietjie van daai rivier se kalmte
Die wolke begroet haar met ñ stort,
want hy weet hoe sy binne-in voel
Haar hart is so oop en groot
soos die see waar sy al haar geliefdes se sorge, koester
Rustelose nagte
want die goeie dae, voor alles verander het, bly nou egter ñ herhaalde droom
Die verlange na haar seuntjie is so groot
maar dit verdrink in die werklikheid van die hede
Elke smal lyntjie in haar gesig
is ñ beskrywing van die droefheid en seerkry
Die gereg het gepraat
haar gemoed het gesak tot op dieselfde vlak as die van haar seun
Die gevegte was daar en die laaste een het haar die hardste getref
Toe sy die stilte hoor, het sy dit besef.

Identiteit

deur Khadijah April

Identiteit
Roekeloos dring ek deur
Minagting van 'n verlate
onbekende toekoms
Deur moeders hande
ver weg gekwyn

Alles was tevergeefs, My ma

Die skeinheiligheid, waaraan selfs die
Hoë lidmaat, gereg nie kans sien nie
Skaam staan,
Die beroemde inwoners het naam gemaak
Hulpeloos in die gesig gestaar

Alles was tevergeefs My ma

Die Kaapse lewe

deur Ursula Dietrich

Noem my Adriana Lima , ali pad vannie Cape flats
Waar jy sal sterf oor 'n vyf rand
Elke dag word daar 'n nuwe lyk weggedra, veroorsaak deur die ingekleurde man
Jongelinge wat die pad byster raak, van hoofseun na 26 gang leader.

My droom van trou en huisbou is weg,
Ek droom nou om net te lewe en die nuwe dag te aanskou.
Die strate roep, vol geweld, ek is in my eie Pollsmoor vasgevang,
Trauma in my siel, die nag wat nooit sal klaarkom nie, al is die son lank aan die gang.

Arme kindertjies se trane vul al klein waterpoele gevul met bloed
Dan se buitestaanders vir hulle "die appel val nie ver van die boom nie"
Kom lewe ons lewe, kom ervaar ons pyn, die las wat ons dra!
Jy sal roep en pleit vir die beskerming van jou ma.

Noem my Adriana Lima, ali pad vanni Cape Flats
Met drome van 'n lewe wat ek nooit sal hê nie, of dalk eendag perhaps
Ek wag vir Prins Charming, 'n kans om te vlug
Die realitiet van die Kaapse lewe het my regtig ontstug.

Die wolke van die Here

deur Joshua Lloyd

Die wolke van die Here
My God, hoe lank tot ek rus kry?
My voete en hande raak swaar soos die waterdamp in die wolke.
Wanneer ek val, laat my tog val op my knieë.
Laat my die vrede van U aangesig sien.
Ek is vry van die dood, maar steeds volg dit my,
In my familie, in my woorde en dade word ek steeds bedruk.
Die wolke is onderdanig aan die Here,
en winde volg die bevele van Sy woorde
Laat my hulle voorbeeld volg my God,
laat my gely word in die vrede wat U vir U kinders voorberei.
My Hoop en my Verlosser, Lig van die hemel.
Wees 'n lig vir my, en laat my hart gely word.
Soos die winde die wolke trek in die direksie wat U beveel.

Keuses: ‘n Kruispad van lewe

deur Millo Camara

Die lewe is ‘n kruispad, wyd en oop,
Elke pad ‘n storie, ‘n droom, ‘n hoop.
Links of regs, vorentoe of stil,
Elke tree bepaal my wil.

Soms is die paaie gelyk en glad,
Soms kronkel dit steil met dorings in spat.
‘n Besluit kan lig bring, of skadu’s laat val,
‘n Enkele keuse kan ‘n wêreld verander – vir altyd, vir al.

Ek sien my gesin by hul eie kruispad staan,
Met twyfel in hul oë, maar moed in hul aan.
My gemeenskap kies tussen vrees en geloof,
Tussen hoop wat groei en seer wat stroof.

Suid-Afrika, my land, ‘n vurk in die pad,
Verlede se letsels, maar drome nog glad.
Bou ons brûe of bly ons verdeeld?
Maak ons keuses wat wonde heel?

So kies ek my woorde, my dade, my weg,
Met hoop as my gids en geloof as my reg.
Want keuses is paaie, gesaai deur die tyd,
En ek kies ‘n toekoms, gevul met lig en bereid.

Hierdie gedig gebruik die metafoor van ‘n kruispad om die impak van keuses in die lewe, gesin, gemeenskap en land uit te beeld. Dit wys hoe elke besluit ons pad beïnvloed en hoe ons samelewing steeds voor belangrike keuses staan.

Reën se beeldskoonheid en pyn

deur David Isaacs

Dit reën katte en honde voor my
die koue druppels loop af my wang,
vel, spier en bene
hoendervleis staan op al hierdie liggaamsdele.

Ek dink terug aan waar alles verkeerd geloop het,
Was dit laas maand? Laas jaar?
Was hierdie die lewe wat nog altyd vir my bedoel was?
Waar tog het alles verkeerd gegaan

Ek staan hier verlore
Die strate is stil, net die reën praat.
My voete, hande, bene voel swaar onder die druppels van reën,
Tussen chaos en stabiliteit stap ek op 'n dun lyn
wanneer sal die son vir my weer skyn?

Tema: Depressie

Wie is ek ?

deur Brooklyn Kiewiets



Wie is ek ?
Soms wonder ek , wie is ek ?
Ek is my ma se trots
my pa se klein dogtertjie
my broer se maatjie
en my sussie se ousus

Maar wie is ek ?
Ek is `n gewone dogter
wat nooit haar ouers wil teleurstel
haar broer se maatjie wil bly
en sussie se beste sousus

Met drome om hoë hoogtes te bereik
te trou , huis bou en kinders grootmaak
oud te word en terug te kyk op my lewe
en te sê : Dit is wie ek is.

Verlies

deur Hannechia Moses

Wat is verlies?
Die dagboek beskryf dit as volg:
Wat verloor word of verloor is.
In hierdie wêreld maak dit nie saak watter ouderdom jy is nie…

Almal het al verlies gely
Of dit nou 'n dogter is wat haar ouers aan die dood afstaan,
Hetsy 'n siekte
Of aan die hande van geweld

'n Moeder wat haar kind skool toe stuur
En nooit weer sien nie
Of selfs 'n moeder wat haar enigste kind verloor weens dwelms
Selfs wanneer jy hoop verloor in die middel van die storm

Verlies is ongelukkig deesdae die norm
Wat en wie is jou anker?
Wanneer jy voel die leemte in jou hart raak te veel
En dit voel of jou hart fisies pyn? En jy wonder of die son ooit weer sal skyn?

In sulke tye klou ek vas aan my geloof.
Ek weier dat hierdie lewe en die gevoel van verlies my hiervan beroof
By tye wanneer dit voel of jy verdrink
In plaas daarvan om vir jouself 'n glasie te skink...

Onthou: Jou verlosser loop op water
Draai na Jesus en Hy sal jou genees van die smart
En daardie leemte in jou hart?
Dit sal Hy vul met vreugde, liefde en hoop.

Huil in die donker

deur Nathan Diedericks

Die donker kamers is almal stil en skree terselfdertyd.
'n Klein handjie druk met groot teerheid vas.
Daar was vrees en onuitgesproke pyn in die oë.
Die aarde voel elke dag swaar sowel as klein.

Elke droom val plat, elke liefde breek.
'n Hart wat stilletjies in die skaduwees sterf.
Woorde wat altyd diep seermaak en hande wat gedurig hard klap.
Die kind wil graag roep, alhoewel is die kind onseker na wie.

In volledige stilte staan die tyd volkome stil, tesame met die liggaam wat deurentyd saggies in algehele stilte huil.
In die algehele donker wag die enkele kind. Hy wag dat die lig moet bely en worstel.
Oorleef die pyn en die vrees.
Die reis is oorheers deur 'n algehele verlies aan hoop.

Liefde maak seer

deur Geneveve Van der Merwe

Klop, klop, klop aan die venster
In die middle van die nag vir die derde keer
Vra om ingelaat te word,
Vra om vergewe te word
Maak my kop toe met 'n kussing om my suster se gehuil te verdrink.

'n Broer se liefde, my suster se eerste liefde
Gevang deur die versoekings van die strate
'n Dwelm wat ons ellende veroorsaak het
Brekende vensters, konstante gevegte met slapelose nagte
Wat ek sou gee om hom te red
Klop, klop, klop aan die venster
Vra om ingelaat te word,
Vra om vergewe te word

Gebreekte beloftes wat eindeloos gelyk het
Hoop dat hy hierdie keer sal verander
Gebroke harte, stuur hom weg
Gebroke harte want al wat ons kan doen is bid
Soms kan ek hom nog aan die venster hoor klop, klop, klop

Tema wat gekies was: dwelm mishandeling

My wens vir jou
deur Denzel Masete

My wens vir jou.
My wens vir jou is dat jy net gelukkig is.

My wens is dat jy liefde ervaar soos wat ons kry
van die man van bo.
Dat jy genade ervaar soos die van 'n kat met nege lewens.
Dat jy geluk vind soos die van 'n plaaskind wat sy eerste
paar skoene kry, ek wens dat jy sukses bereik sodat jy
nie bekommerd hoef te wees oor waar jou volgende maaltyd vanaf
gaan kom nie.
Ek wens vir alles wat ek gehad het nie.
Daaroom is….
My wens vir jou dat jy gelukkig is.

Soeke na identiteit

deur Alrique Julies

Tussen verlate woorde,
Ooplettergrepe en 'n warrelwind
bevind ek myself.
Ongedefinieerd en verloere,
en die pyn duur net voort.
Die stille oorlog duur voort,
steeds is ek opsoek na die
plek waar ek inpas.
Vasgevang in die wep van leuns,
haat en seer kry.
Die siel verloor brandstof,
hoe ver nog?
Onbeantwoorde vrae…
Maar steeds hou die klok
als aan die gang.
Is dit my lot?
Moet ek volhard?
Moet ek opgee?
Onbeantwoord, onbeantwoord maar
steeds beweeg ek soos 'n
outomaat.

Ek en my skaduwee

deur Charnee Wheeler

Ek en my skaduwee
Ek loop deur die gange,
tussen stemme wat praat sonder moeite.
Ek luister, ek knik, ek lag soms,
maar ek voel verwyderd –
soos 'n kyker in my eie lewe.
Ek dra my liggaam soos 'n jas
wat nie heeltemal pas nie.
My gedagtes is deurmekaar,
my hart klop hard,
my asem raak vlak.
Niemand sien dit nie.
Ek weet ek moet aanhou,
moet sterk wees,
moet "myself wees".
Maar wie is dit?
Ek probeer my plek vind,
maar ek voel soos 'n skaduwee
wat langs my stap
en my eie lig blokkeer.
Dalk, iewers tussen al die twyfel,
tussen die aande waar ek lê en dink,
tussen die oomblikke waar ek vir net 'n sekonde
myself herken—
dalk sal ek my eendag heeltemal sien.

Moeders liefde

deur Candice Hartogh

Moederskap is liefde wat altyd bly,
'n hand wat jou lei, al is die pad sty.
Sy is daar as jy huil, as jy lag,
'n mamma wat sorg, wat nooit sal wag.
Haar arms is jou huis, haar hart jou huis,
sy is jou veilige plek, jou lekker tuin.
Met elke stap sal sy jou hou,
en in haar oë is daar altyd goue dou.
Al is daar dae wat moeilik is,
sy gee nooit op nie, sy hou altyd vas.
Moederskap is 'n liefde wat nie kan sterf nie,
dit groei elke dag, en hou vir altyd.

Jy is, jy was

deur Jhandri Stuurman

Jy is, jy was
Hoe wens ek jy was nog hier.
Ek mis jou…
Jou skater lag, jy weet daai slegte lag.
Ek mis hoe ons kon wrestle en jy kon raas as ek jou sou wen.
Ek mis jou Brut spray, daai groen blikkie.
Om my te vertroos en net simply daar te wees.
Hoe mis ek jou gebelery vandag.
Jy was my Brut spray
Altyd daar om my toe te vou in jou geur van sekuriteit en liefde.
Hulle sê tyd maak dinge makliker, maar dit doen nie.
Die verlange is steeds groot.
Die trane dieselfde hoeveelheid, hinnkering dieselfde diepte.
Tyd verlig nie die pyn nie, ek leer maarnet om te aanvaar.
Aanvaar dat ek nie meer jou soene sal kry nie.
Jou Brut spray sal ruik nie.
Jou "Jhaan", "Nana" of
"My babatjie" gaan hoor nie.
Want dis wat ek is
Was
Jou Jhaan,
Jou Nana en
Net jou babatjie.
Jy is my Brut spray
Selfs al is jy weg hang jou geur steeds in die lug
Eers sterk en oorheersend, maar nou
'n fluistering van wat was
Ek het klomp vrae.
Maar om eerlik te wees, geen antwoord sal my ooit tevrede stel.

Gedig 1: Luister na die voorlesing van hierdie gedig (Kliek hier)

Die Parasiet

deur Tracy-Lee Claasen

In die skadu van ons huise groei 'n
ongenooide gas,
'n Parasiet wat stilletjies sy wortels in ons harte vas.
Sy ranke slyp om drome, verwurg elke
hoop se spruit,
Voedend op ons vreugde,
terwyl dit ons kragte uitput.

Eers onskuldig en klein, 'n ongesiene
kiem,
Maar met tyd ontbloot hy sy ware, donker
regime.
Hy steel die lig uit oë, verander liefde in
verdriet,
Verwoes die fondamente van elke huis en straat.

Ons probeer hom uitroei, met woede en
met trane,
Maar sy saad lê reeds diep,
in ons mense se are.
Hoe veg jy teen 'n vyand wat binne in jou
skuil?
'n Stryd wat ons voortduur, al voel dit
soms te seer.

Maar saam kan ons die parasiet se groei
beperk,
Met liefde, steun en kennis as ons
sterkste swaard en perk.
Laat ons die grond herwin , ons mense
weer bemagtig.
Sodat die parasiet se houvas uiteindelik
verbrokkel en verkrag.

Een van die temas in Ellen pakkies is die vernietigende impak van dwelmmisbruik op gesinne en gemeenskappe. In my eie lewe en gemeenskap sien ekhoe dwelms (ook gepaard met alkohol) mense se lewens verwoes , gesinne uitmekaar skeur en gemeenskappe. Die stryd teen hierdie probleem voel dikwels soos 'n eindelose geveg teen 'n onsigbare vyand wat stadig maar seker alles wat ons lief het verteer.

Die metafoor wat ek gebruik het is 'n parasitiese plant, wat sy gasheer stadig uitput en lewe ontneem , so tap dwelmmisbruik/alkohol die lewenskrag uit individue en hul geliefdes totdat daar niks oorbly nie.

D-W-E-L-M

deur Sethu Sipayideli

‘n Klein woord met slegs 5 letters, maar soveel krag
Kragtig genoeg om huise te breek, ‘n familie en ‘n lewe te verwoes
Ek het getuig hoe hierdie siekte my held verbreek, my pa
Dit het begin as iets kleins en beheerbaar, ‘n vinnige oplossing om pyn te vergemaklik

Was dit om pyn te vergemaklik? Of was dit ‘n manier om die realiteit van my moeder te ontvlug
Was die pyn om die liefde van sy lewe te sien, leweloos in ‘n doodskus , te veel om te dra?

Ek is VERTOORND !
Ek is kwaad vir dood
Ek is kwaad vir dwelms
Hulle is die rede hoekom ek, myself ‘n weeskind bevind

Ek moes bystaan terwyl hulle my moeder se doodskus neerlê.
Ek moes bystaan soos my pa deur dwelms besluk word soos ‘n man in die diepte van die see
Dood en dwelms, tel julle dae !!

Skuld

deur Karla Faro

Ek sien jou in elke stilte,
jou gesig in elke droom,
maar ek kan nie terugkeer nie,
die daad was reeds gedoen.
Skuld druk my hart so swaar,
'n verlies wat nooit sal verdwyn,
ek vra om vergifnis,
maar weet nie of jy dit ooit sal gin.

Alleen

deur J.C. Witbooi

Alleen
Ek sit in die reën,
sit en wonder alleen.
Is jy die een ?
By wie ek kan liefde leen.

Dit voel hartseer en leeg,
Dit voel ek kan nie beweeg.
Sonder jou is ek niemand
Ek soek net iemand.

Ek is so alleen.

Keuses

deur Rumadre Lawrence

Die lewe is gevul hiervan
Kruispaaie, links en regs
Tussen reg en verkeerd
'n Pad gevul met keuses

Elke keuse het sy eie gevolge
Sommige goed sommige sleg
Maar geen keuse is NET sleg nie
Want elkeen dra sy eie boodskap

Elkeen se pad is uitgele in God se oë
So weet net jou keuses word gesien van bo
Van hulle bring jou na jou graf
Ander na jou seen
Alles hang af hoe jy kies om dit te sien

Hoop en geloof
deur Marchyné Jacobs

In die nag, wanneer alles stil is,
brand daar 'n vuurtjie in my hart,
soos 'n ster wat nie wil verdwyn,
selfs as die wind sterk waai.

Geloof is nie net 'n sommer so ding,
maar dis 'n vlam wat verewig brand,
dit brand deur die pyn en leiding
en gee lig in die donker.

In ons gesin,
is daar 'n vuur wat nie opgee nie,
'n hoop wat staande bly,
selfs as die wêreld moeilik lyk.

Die vuur brand soms laer,
maar sal nooit heeltemal uitgaan nie,
Een hoop, een geloof,
so bly ons gesin staande.

Die liefde van ‘n moeder

deur Rowan Fick

Ja, ek hoor sy noem my naam in haar gebed.
Hoe sy smeek dat Jesus ook my siel moet red.
Met trane wat Mamma stort
teen die voordag, dat dinge vir my moet beter raak.
Die snukke na elke besoek, met ‘n effense smile kyk
sy na my.
Dan heriner die Skrif haar,
Gisteraand was daar nog trane, maar smorêns is daar
‘n gelag.
Met konstante belydenis, motivering en
aanmoediging, kom dinge na ‘n kant.
En weereens besef ek Mamma is ‘n ystervrou,
want sy noem my naam altyd in haar gebed.

Tema: Moederskap – Mamma se gebed

‘n Gebroke moeder hart

deur Calrick Cupido

In stilte roep 'n moeder hart wat breek,
Die pyn wat elke dag verwyk,
’n Se kind hand wat slaan, 'n moeder stem wat skree,
Maar geen een hoor, niemand weet.

Die seergemaakte moeder siel roep na vryheid,
'n Hoop om uit te breek, om vry te wees,
‘n Moeder hart bloei, om haar verslaafde kind se drome te gun
Elke dag 'n stryd, maar die wil om te leef bly, al is dit dun.

Kies jou pad wys

deur Martino Muller

Elke mens het iets wat skyn,
'n talent wat groei soos helderson.
Jy kan bou of jy kan breek,
'n pad van lig of een van steek.

Misdaad vat, maar gee niks terug,
Dit bring net trane, spyt en sug.
Talente blom soos blomme wyd,
Dit bring vir jou 'n helder tyd.

Kies om te skep, kies om te bou,
Jou gawe maak die wêreld mooi en gou.

Gestroopte identiteit

deur Hailey le Fleur

Identiteit lê blykbaar in bloed en naam,
waar jy gebore is, jou huis en raam.
Ek sê dis baie meer- dis keuses wat tel en hoe
jy jou storie in wysheid vertel.

My naam is AB, kort vir Abraham.
Ek het myself geken-
Iemand met 'n stem, 'n toekoms,
iemand met 'n naam.

Lang storie kort -
Alles het binne 'n dag vinnig chaos geword.
My ma se trane lê vandag swaar op haar vel,
Want haar enigste seun is verweggesteek
in hel.

Dwelms het my gesteel- dit
het my opgekou , verstrengel en verniel.
Ek lewe nou van niks, net metamfetamien en hoop.
My eens kosbare identiteit is nou gestroop.

Ja, my naam is AB, net nie die een
wat almal so goed ken nie.
Daai een se sorgvrye lewe het tot stilstand gestop.
EK is nou iemand anders.
Ek is nou net 'n tikkop.

Tema: Identiteit & Dwelmmisbruik

Wie is jy?

deur Minke Bosch

Warm drukkies,
'n vriendelike gesig
Dit was jy –
heeldag, elke dag.

Nou afwesig
soos die sterre in 'n stad vol liggies
'n enkeling op die straat
wie is jy?

'n Veels geluk boodskap en
geseënde kersfees.
Geen goeie more.
Geen hoe gaan dit.

'n klein krulkop meisie
opsoek na 'n skelm lekkertjie
en 'n warm drukkie
pappa, onthou jy my?

Tema: Ouerskap, Eensaamheid

Moederskap
deur Tamzin Daniels

Die ligte fladdering in die buik van ‘n moeder
Is die grootse geskenk wat ‘n vrou kan ontvang
‘n Seer magie, ‘n stukkende knie
Selfs ‘n vuil neusie
Word gou-gou met ‘n klapsoen gesond

Vuil kouse, ‘n hareborsel wat op soek is
‘n radio wat blêr!
Broodkrummels en vuil glase wat die huis versier
Moet ‘n moeder maar in die liefde verduur

Sy deel die life en leed van haar groeiende kind
En troos elke traan wat val
Daar is geen einde aan die liefde
Van ‘n moeder vir haar kind

My kind ek is life vir jou!

Metafoor betekenis

“Die ligte fladdering in die buik van ‘n moeder" - Hierdie beeld skep 'n gevoel van vreugde en opwinding wat 'n moeder ervaar wanneer sy swanger is en haar baba voel beweeg. Dit dui op die wonderlike en kosbare geskenk van 'n nuwe lewe. "Daar is geen einde aan die liefde / Van ‘n moeder vir haar kind" - Hierdie reëls stel die onvoorwaardelike en eindelose liefde van 'n moeder voor. Dit is 'n sentrale tema van die gedig en beklemtoon die diep liefde en toewyding van 'n moeder. "My kind ek is life vir jou!" - Hierdie laaste reël is 'n eenvoudige, maar kragtige uitdrukking van die moeder se liefde vir haar kind. Dit som die tema van die gedig op en beklemtoon die onuitputlike liefde van ‘n moeder.

Die rivier van keuses

deur Celsey-Ray Fisher

By die ontstaan van my lewe,
Waar die water nog helder skoon en skoon vloei,
Staan ek — 'n reisiger,
Voor rivier takke wat rigting verander.

Elke tak bring 'n geluid voort,
Elke stroom dra my naam met hom saam.
Die een beloof gemak,
Die ander vra moed en trane.

Soms kies ek die uitdagende roete,
Soms waar die golwe wild bruis,
En voor ek my kom kry,
Raak ek verlore in die getuig.

Ander kere kies ek die eenvoudige roete,
Waar die stroom kalm gly,
En al is die reis langer,
Weerklink dit vrede klokke in my hart.

My gemeenskap is ook 'n rivier,
Oor stroom met hoop en angs.
Waar keuses soos rotsagtige klippe lê,
En ons koers verander met elkeen .

O, mag ons wys kies,
Laat ons water helder skoon bly,
Laat ons uiteindelik uitkom
By 'n see van hoop en lig.

Tema: Keuses

Wanneer ek na my eie lewe, my gesin, vriende, gemeenskap en land kyk, besef ek hoe diepgewortel die tema van keuses in elke aspek van ons mens is. Keuses is nie net op die ingewing van die oomblik besluite nie — dit is die boustene van ons toekoms. Ek sien hoe mense se lewens radikaal

gevorm word deur die keuses wat hulle maak: sommige bring groei, liefde en vrede, terwyl ander 'n meer donker kant na vore bring wat seer, spyt en verliese meebring. In my gemeenskap is daar dikwels jongmense wat onder groepsdruk verkeerde keuses maak, ouers wat moet besluit tussen wat reg is en wat noodsaaklik is om te oorleef, en families wat sukkel met die gevolge van vorige besluite. Hierdie keuses laat nie net 'n merk op individue nie, maar raak die gesinne en gemeenskappe.

Dikwels beïnvloed ons omstandighede die keuses wat ons maak, die agtergrond waaruit ons kom, ons vrese en ons drome. Ek sien hoe armoede mense dwing om keuses te maak wat hulle nooit sou oorweeg as hulle meer opsies gehad het nie of geleenthede gebied is nie. Ek sien ook hoe liefde mense inspireer om opofferings te maak en hoe hoop mense dryf om 'n beter pad te kies, selfs wanneer die toekoms onseker lyk. Keuses is nie net tussen reg en verkeerd nie — dit is soms tussen wat maklik is en wat nodig is; tussen onmiddellike bevrediging en langtermyn-welstand.

Metafoor: 'n Rivier met Vertakkings.

Keuses is soos 'n rivier waar sy vertakkings verskeie rigtings in vaar. Elke rigting wat jy aandurf, neem jou na 'n ander bestemming. Hierdie rivier begin by die ontstaan van ons lewe, waar die water nog skoon en onbesoedeld is. Soos ons ouer word, begin die water vertak, en by elke afdraai moet ons die keuse maak : volg ons die kalm stroom of volg ons die wilde vloed? Elke keuse het 'n gevolg — soms bring dit ons na rustige en helder waters waar daar groei en vrede is, ander kere eindig ons by gevaarlike stroomversnellings waar ons sukkel om kop bo water te hou.

Hierdie metafoor beklemtoon hoe elke keuse ons oriëntasie bepaal. Die feit dat water nie na die bron teruggekeer nie, beteken dat dit nie altyd moontlik is om besluite wat reeds geneem is, te hersien nie. Die krag van water wat ons vorentoe stoot gee ons nuwe hoogtes, uitdagings en uitkomste, wat ons die geleentheid bied om ons eie storie te vorm. Daarom kan selfs die geringste takke onderskei of ons op n rustige meer of storm waters sal beland, daarom moet ons elke besluit met wysheid benader.

Gebroke Drome, Stil Gebede

deur Jean Owies

Drome is gebroke op die grond,
gebreek deur dwelms se magtige bond.
Moeders se trane val stil en sag,
'n Hoop wat leef, al voel sy koud.

Die nag fluister sag van pyn,
'n Hart wat smag na lig se skyn.
'n Stilgebed,
vir 'n seun wat dwaal asof hy niks het.

Maar selfs in die diep donker nag,
bly liefde leef, al is die pad sag.
Gebede draai soos wind om 'n siel,
wag op môre se ligte wiel.

Die donker begin en einde

Deur Neighthon Winter

Ek groet ma,
ek groet pa.
Die donker sien hoe ek uittrek,
die son stap saam my deur die skoolhek.

Skool word gedoen, ek groet vir my
onnie, ek waai vir my vriend Donny.
Ouma druk al my asem uit,
oupa werk aan sy kar en knip uit die punt.

Die son sak saam my vel doppe,
die maanlig groet my met 'n glimlag.
Piep piep, hoor ek buite, dis pa,
ek gaan huis toe, die dag is kla.

Tema: Ouers

Verblind in liefde
deur Wendell Philander



Verblind in Liefde

Verblind in liefde en omgee,
Lui na misbruik en skuldgevoelens,
Ordentlike seun, gedra deur moederliefde,
Besproei die blindheid in verkeerde dade.

Gevang in dwelms en verkeerde dinge,
Vergroot sy eensaamheid met geweld.
Verklein sy omstandighede deur groepskringe,
Keuses, keuses, keuses.

Opofferinge deur desperate ouer,
Versorg die skuldgevoel en die geweld vernouer,
Keuses, keuses, keuses…

Stadig verminder sy bestaan
Deur 'n hulpelose moeder
Wat smag na vreugde,
keuses,keuses.

Geregtigheid sal geskiet!

Meta AI

My neef

deur Kaylen Adonis

Jonk en onskuldig ,dit was ek.
Hier kom my neef en neem dit alles weg.
Van pyn en kwaad het ek nie geken,
maar toe hy in my lewe kom, was alle reinheid daarmee heen.

Stil-stil het ek saam hom gegaan.
Onbewus van die pyn wat vir my wag.
Alles gedoen wat hy sê
gebroke kom ek terug asook half getraumatiseerd.
Kyk ,dis my neef
maar hoekom maak hy my so seer?

5 jaar oud ,dit was ek.
Meeste herinneringe, van daardie dag, het ek weg gesteek.
Kyk ,dis my neef
My neef.
Maar hoekom maak hy my so seer?

Die donker, swaar wolk

deur Elzaan du Toit

Die donker, swaar wolk moet enige oomblik breuk,
dan is al die droogtes weg, maar vloede begin.
Die geheim wat jy so diep weg steek,
lei jou in die donker in.

Jy kan net dit so lank stil hou,
maar hoe gaan dit eindig?
Verwag dat almal jou vertrou,
maar jy bly steeds seinig.

Jy veraai jou gesin wat jou so lief het
en voel dis reg.
Nou lê jy in 'n koue, leë bed,
met die skuldgevoel en besef, jou uitkoms was sleg.

Die donker, swaar wolk het gebreuk,
nou is die droogtes weg, en vloede ontstaan.
Probeer die waarheid wegsteek,
maar net oor die een geheim, het die band vergaan.

Die lig in my lewe

deur Meachail Plato

Jy is die kers wat helder brand in die sterkwind
selfs deur storms,soos skadu's verslind.
Ek neem elke tree en elke droom wat ek bou
en dit met jou offers en getrou.
Die moegheid in jou oë,tog glimlag jy
tot die storms verby.

Jy is my brug oor verwoeste en kronkelende paaie,
gebou met tonne liefde,hoop en trane,
ek sal hierdie pad stap sonder om te wane,
toemaar met jou liefde sal ek nooit donkerte saai.

Ek sal jou vir altyd onthou,
soos jy my altyd omvou.
Soos altyd is jy daar om my paaie te verfyn,
En dit met elke druppel sweet en sug van pyn.
Jy is die lig in my lewe,
Wat alle donkerte vervee.

Die lig in my lewe,
vir altyd sal jy my hartjie laat blywe.

Die winter seisoen

deur Talia Roux de Wet

Ek is dan soos die wortel wat aan jou vasgegroei is.
Die baba pikkewyn wat sy ma in die winter seisoen mis.
Steeds bly ek seker dat jy weer sal terug kom,
maar nou kyk ek na die wêreld deur my spieël wat my so vermom.

Skielik flikker en waai al daai deure wat ek toe geklap het
en herinner ek myself aan die houdings wat ek so gekap het.
Hoe kan hierdie pikkewyn dan so 'n ma verdien
Wat wikker en woel om verby haar nonsens te sien.

Steeds bly ek seker dat sy weer sal terug kom.
Al onthou sy daai tiener in die spieël wat haar so verstom.
Haar woorde wat pleit, "Waar is jou gehoorsaamheid kind!"
Nie te laat het ek nou myself tot volwassenheid gevind.

Tema: Moeder en kind verhouding/ Identiteit

Ouerliefde

deur Chane Olivier

Jy is die lig wat altyd skyn,
Selfs in die donkerste nag.
Met jou hande wat my omhels,
Voel ek jou liefde, sterk en sag.
Deur storms en donderweer,
Bly jy 'n baken vir my siel,
En ek weet, al is die pad lank,
Jy sal altyd by my wees.

Jou liefde is 'n vuurtjie wat brand,
In elke hoek van my gedagtes.
Dit is die bed wat my dra,
Jou kussing wat my trane droogmaak.
Selfs as die wêreld laat ek val.
Jy is die arms wat my optel,
Ouerliefde, onveranderd en waar,
Vir altyd die lig wat ek ken.

Krismiskooi

deur Chanet Muller

Die wind huil deur die skoorsteen,
'n koue klank wat deur my sny.
Ons lê drie saam op 'n 'krismiskooi',
die nag is stil, die wêreld sty.
Ek was tien, maar moes 'n grootmens wees,
'n ma, 'n pa, al was ek klein.
Twee dae lank was ons alleen,
hulle verdwaal in hul wyn en gif.
Dit was nie die laaste keer.
Leë bottels op die tafel,
'n huis wat koud en donker staan.
Ek wens vir brood, vir warmte, vir liefde,
maar weet ek moet sterk staan.
Die skoorsteen-wind speel vir ons melodies,
Ek trek my broers styf teen my vas,
sê vir hulle dis okay.
Hulle slaap terwyl ek wakker lê,
in spanning en vrees.
Gaan Pa vanaand terugkom?
Gaan hy raas, gaan hy skree?
Ek hou my asem op, luister vir voetstappe,
reg om Ma te beskerm as ek moet tree.
Ek is klein, maar ek's nie bang nie—
Want as ek nie keer nie,
wie sal haar beskerm?
Nou staan ek hier, op my eie voete,
sonder vrees, sonder gif.
Daardie aande het my sterk gemaak,
het my laat veg, het my laat leef.
Daardie skoorsteen fluister steeds sy wiegelied in my ore elke keer as ek my oë sluit.

Armoede, vriendskap, keuses en gevolge.

deur Alicia Kleynhans

Armoede het my gelei, soms wou ek daaronder vou.
Keuses het my gevorm en ek moes daarop bou.
Gevolge was groot,
gevolge was moord.

Die pad was vol struikels,
maar ek het nie verloor.
Vriendskap het vir my 'n huis gebou,
waar ek my kon gevestig hou.

Armoede is swaar,
maar keuses is altyd daar,

Moederskap – Die hartklop van ‘n nasie

deur Stephanie Coetzee

Moederskap is die ruggraat van ‘n nasie.
Soos ‘n rivier wat deur dale vloei,
dra ‘n moeder haar liefde – diep en mooi.
Sy voed, sy vorm, sy laat groei,
‘n stil krag wat nooit verdwyn of roei.

Haar hande is ‘n wieg vir ‘n kind se droom,
haar stem ‘n lied wat in harte weerklink en loom.
Sy bou ‘n huis met sorg en hoop,
‘n vesting waar liefde altyd ontbloot.

In gesin en familie, ‘n stil anker se krag,
‘n skild teen die winde van lewe se slag.
Vir haar gemeenskap – ‘n lig, ‘n straal,
wat troos en vertroosting bring in elke verhaal.

En soos ‘n land op sy moeders steun,
dra sy ‘n volk deur pyn en seun.
Want moederskap is meer as geboorte alleen –
dis ‘n ewige lig wat nooit verdwyn.

[Metafoor betekenis: Hierdie metafoor beklemtoon dat moederskap die fondament en steunpilaar van ‘n gesin, gemeenskap en land is. Soos ‘n ruggraat ‘n liggaam dra en ondersteun, so hou moeders gesinne en gemeenskappe staande.]

Eensaamheid se skadu

deur Racuel Davids

In die skadu van die nag, so stil en koud.
Voel ek die leemte terwyl ek verlate stap deur ‘n woud.
Die sterre flikker, maar hulle praat nie met my.
Vra ek myself, is daar tog iemand wat by my sal bly?

Die muur om my is dik, ‘n fort van my eie.
Hier binne is ek veilig, maar die leemte so bitter soos kruie.
Die stilte sny my diep, soos ‘n swaard in die nag.
Vra ek myself, is daar tog iemand wat met my sal lag?

Ek dwaal deur die bome, soos ‘n skadu in die lug
Die wêreld draai verby my, so aan wie skryf ek die gedig?
Elke glimlag wat ek sien is n skaal van pyn.
Want in menigte voel ek steeds alleen en klein.

Keuse. Hoekom?

deur Chandler Adams

Keuses.
Hoekom?
Eenvoudig kompleks, kies om 'n man te wees of om op te tree soos ons dink 'n man veronderstel is om op te tree?
Laat 'n argument verbygaan, swak of wys? Man genoeg of nog n kind?
Staan op, moeilikheidmaker of sterk? Te manlik, of net genoeg?
Een verkeerde keuse,
Of dalk 'n reeks eenvoudig komplekse keuses,
Kan die man maak of breek.

Hoekom so wispelturig?
Keuses het hom aan die einde in stof verander. Stof , voor hy n enkele oog kon oop maak.

Die soeke na identiteit

deur Jade Jones

Die soeke na identiteit, ‘n reis deur 'n doolhof van refleksies,
'n Reis wat nooit heeltemal klaar is nie, maar steeds beweeg.
‘n Pad wat voortdurend verander, maar nooit werklik stop nie.
Jy staan op die rand van ‘n digitale wêreld,
En wonder: "Wie is ek regtig, agter die gelaaide beelde wat ek deel?"

Daar is dae wat jy dink jy het die antwoord,
‘n Roete van selfbeskrywing, gebou uit die opinies van ander.
Maar in die stilte van jou gedagtes,
Kom die vraag terug: "Is ek werklik wie ek meen ek is, of is ek net ‘n weergawe van wat ander verwag?"

Elke stap neem jou verder,
Maar die pad is ‘n skaduwee, vol leë ruimte tussen wat jy glo en wat jy voel.
Jy soek in ander mense, in die foto's en stories wat hulle vertel,
En wonder of jy ooit die werklike jy sal vind, en of jy steeds in die spieël van die wêreld leef.

Meskien is die antwoord nie iets wat jy kan aanraak nie,
Maar iets wat jy elke dag herontdek in die verbindings wat jy maak.
Want identiteit is nie ‘n permanente etiket nie,
Dis die samevloeiing van al jou ervaringe,

‘n beeld wat aanpas, soos ‘n pasgemaakte klerestuk wat jou nie net omhul nie, maar om jou leef.

Vergifnis

deur Janelle van der Westhuizen

Vergifnis is ń sagte wind
wat deur seergemaakte harte glip.
Dit breek die kettings, stel vry,
en laat die liefde weer ontvou, die vyand mag verby.

Geen lastigheid, geen haat nie,
net vrede wat in die hart bly.
Vergifnis is ń duidelike lig,
wat alle wonde sal lig.

Vergifnis is die helende krag,
wat die siel van donker bevraag.
Met oop arms en ń sagte woord,
word seergemaaktes weer verwoord.

Life

deur Michca van Reenen

Soos die son skyn verloor ons kinders
Lewe elke dag met seer
en die ondraagbare hindernis
Om te sien ons mede mens word vasgevang in bende en begin ons eie mense te plinder
Dus die lewe wat ons leef
Ons almal het sondes
In ons gemeenskappe sien ons hoe word gesinne verwoes
Terwyl sommige mense se lewens voorentoe gaan en vrugte van iemand se bome af oes.
Dit is hoe onregverdig die lewe is
Sommige van ons is te blind om te sien wat ons regtig in die lewe kan bekom

Stukke van Ons

deur Eshlin Ambrose

Ons was eens heel,
‘n gladde glas waarin ons onsself kon sien.
Elke woord, elke oomblik,
‘n weerkaatsing van wie ons was.
Maar toe kom die dae van stilte,
woorde wat swaar hang soos mis in die oggend,
en klein krake begin vorm,
skaars sigbaar, maar tog daar.
Een verkeerde sin, ‘n misverstand te veel—
en skielik lê ons in stukke.
Hoe plak ‘n mens terug wat gebreek is?
Hoe maak jy weer heel sonder om te sny?
Sommige krake kan ons nog wegpoets,
ander bly altyd sigbaar,
‘n herinnering aan wat was,
en wat ons nog steeds kan wees.

Verhoudings

Vasgevang

deur Shannon Simon

Ek voel getrap, soos in 'n donker sel
Geen vensters, geen sonlig, ek is onder 'n hewige spel
Die mure is hoog, ek kan nie ontsnap nie
Ek skree uit na hulp, maar niemand hoor my nie
Elke dag is dieselfde, geen lig in die lug
Die stilte maak my bang, ek voel altyd bedruk
Ek was eens op 'n tyd vry, nou kan ek net daarvan droom
Nou is ek vasgevang, ek voel ek sal nooit my ou self wees nie
Hoe kan ek ontsnap, as ek nie weet hoe nie
Sal ek ooit vry wees, of sal die donker sel my huis bly ?



‘n Pa se gebede

deur Anastacia Waldeck

Veiligheid, sekuriteit, beskerming
Al wat 'n pa probeer voorsien
Rebellie, leuens, wantroue
Alles wat 'n pa ontvang

Hy probeer sy bes om te wys hy gee om
Sy ignoreer hom, dink hy is oorbeskermend
Hy bid elke aand, met die hoop dat sy veilig is
Ek bedoel, wat kan verkeerd gaan?

Sy gaan een aand uit en geniet haar lewe
Hy sit die hele nag regop en wag op haar koms
Sy kom nooit huis toe nie, sy antwoord nooit haar foon nie
Hy vrees die ergste, maar wil dit nie erken nie

Iemand het haar gevat terwyl sy uit was
Kwesbaar en alleen, huil sy vir haar pa
Sy weet dis te laat, dis haar eie skuld
Sy aanvaar haar lot en doen 'n klein gebedjie

Hy het daardie nag gehuil en duisend gebede gesê
Sy dogtertjie, heeltemal alleen, nêrens te vinde nie

Krake in die fondasie

deur Chante van der Westhuizen

Hulle sê ons huis staan stewig,
maar ek sien hoe die krake groei.
Eers fyn en skaars sigbaar,
nou gapend soos wonde wat nie heel nie.
Elke gil wat teen die mure weergalm,
elke traan wat op die koue vloer val,
elke belofte, flenters geskeur,
'n spyker wat die hout versplinter.
Ek sien gesinne verbrokkel,
soos stene wat van 'n muur val.
Drome verkrummel tot stof,
weggewaai deur ‘n wrede wind.
Maar selfs 'n huis met krake
kan weer stewig staan,
as liefde die sement word
wat die skeure vul.
So ek bou weer,
baksteen vir baksteen,
met hoop as my fondament.

In die spieël sien ek nie net my eie gesig nie,

deur Chante Van der Westhuizen

In die spieël sien ek nie net my eie gesig nie,
Ek sien die trane van die verlede, die glimlagte en seer van herinneringe,
'n Verhaal wat ek nie gekies het,
Maar wat ek darem dra, as deel van wie ek is.
Die spieël vertel nie net my verhaal nie,
Dit is vol van ander se verwagtings,
Hulle wat sien wat ek wil wees,
En wat ek is, wat ek nog moet wees.
Elke kraak in die spieël is 'n keuse,
Elke breukie in die glas, 'n stryd,
Maar die refleksie bly—soos ek,
Met alles wat ek is, en wat ek sal wees.

Die Tema " Identiteit"
Gedig met die metafoor van 'n Spieël:

Nuwe wortels, gebroke takke

deur Lize-Mari Lourens

Ek was ‘n tak in die wind,
buig en draai, maar nooit heeltemal gebreek nie

Verlies is ‘n diep kroeg,
Waar die hart in stilte sluk.
Graad 11, die wêreld nog vol beloftes,
alles net so onder my voete uit weggetrek.
Net 37 dae en albei my helde weg,
Pa verloor kanker geveg
en Oupa se hartklop stop, hoe sleg!.

Verlies los ‘n groot leemte in my hart,
‘n hele nuwe begin vir my, my ma en broers.
Elke dag het ek gesoek na vrede, maar
ek het net in stilte gesit met my smart.
Ek het kwaad geword vir alles wat ek nie kon beheer nie
wou hulle net nog vashou al was dit net nog een keer.

“Hoekom ek, hoekom ons?
Wat van al die mense wat ons aarde so vermors?”
Vrae en kwaad vir die Here,
maar tog antwoord Hy my gebede.

Ek is soos ‘n nuwe boom wat uit die grond groei,
vol beloftes en nuwe takke om te volg.

Dis wat die balpie maak!

deur Mauricia Audrey Plaatjies

Hou nou gemaak?
Kinnes verloor hul stemme lank voor hul kan praat, guess what, dis wat die balpie maak.Vandag gebore, môre innie nuus se headlines, want jy't die gorrelgat van 'n gun behaal. Ek is die bullet in my family se borskas.
Al'ie pad gedroem van famous word, nou verskyn my mammie innie court.Ons liewe het in 'n minuut se tyd 'n bleddie movie trailer geword.
Alles was my skuld man, cause ek het alles gehad, 'n mammie wat haar kniee rou bid, die onskuld van 'n kind en 'n pappie wat my aanvaar al is ek nie sy eie DNA.
My drome was sowaar brighter as dai kristale in die glaskas, mah nee ek't daai Uno kaat in 'n dwelmverhaal, uitgehaal.
Gespeel met die lyntjies van 'n onbekende frekwensietabel, nooit het ek gewiet ek's eintlik biesig om my mammie se liewensdae af te tel.
But ja, guess what, dis wat die balpie maak.
Dit dryf jou ma tot die punt van haar eie godgegewe laaitie, aan die boemtakke van sy eie sonde hang. Nou lê ek ses-voet-ses en vertel vi'rêrig die huidige storie van 'n ane boeta en sy ma.
Hoop die gatta's waag om vir 'n slag vroeg genoeg op te daag, want ja, guess what, dis wat die balpie maak.

Gedig 3: Luister na die voorlesing van hierdie gedig (Kliek hier)

Ek en jy

deur Jayme-Lee Cillie

Jou handjies is klein,
voete nog sag.
Jou eerste treë
het my oë laat skitter,
my hart laat spring.

Ek sien hoe jy groei,
hoe nuurskierigheid jou dra.
Die ontdekking van 'n nuwe wêreld,
laat jou oë vol vrae.

Ek is jou kompas,
maar nie jou kaart nie.
Ek wys jou die pad,
maar jy moet self stap.
Al verdwaal jy onthou-
Ek is hier.

Keuses

deur Lilé Pieters

Twee paaie lê voor my voete,
een vol son en vol gloed.
Die ander in skadu gehul,
stil, geheimsinnig en duister.

Elke tree 'n weg wat draai,
'n droom wat waai,
'n hoop wat gly,
'n vrees verby.

Maar kies moet ek, sonder vrees,
want elke keuse bring 'n gees,
'n storie wat my siel sal skryf,
die rigting van my reis en lyf.
Sal U my lei.

Kompas
deur Hope Tilling


Kompas
deur Hope Tilling
Die sterkstorm wind klou aan my vlerke en
die son sak op die horison.
Nag is aan die koms en ek strek my hande uit na jou.
Ek beweeg met die wind en verloor my rigting.
Ek mis jou soet stem, jou hand wat my rigting aanwys.
Die sterk wind op die oseaan oorweldig my.
Ek vertrou my hulp lê in jou hande.
Ek vertrou my hulp lê in jou hande.
Ek laat gaan die geveg teen die wind en val terug.
Skielik ruk jou stem deur my en die son glimlag.
Ek vat 'n tree vorentoe en die las is weg.
Jou juk is sag en jou las is lig.
Ek haal asem vir die eerste keer en
volg in die rigting wat na jou lei.

Die strate vanie Bella

deur Jaydee Galant

In Bella Vista, klein en stil,
is dwelms baie wild.
Kinders lag nie soos voorheen
want tik het hul drome gesteel.

Mense huil, hul harte seer,
'n seun het verdwaal, wanneer kom hy weer?
Sy ma wag, haar trane val,
maar tik het hom gevat- dit maak haar mal.

Die mense is bang-
baie word net verlang.
Êrens is daar 'n lig,
môre kom dalk met hoop terug.

Gebroke drome in ’n vergete straat

deur Chris-Lynn Adams

Ek stap deur ‘n buurt waar drome verdwyn,
Waar kinders se lag in die skadu’s verdwyn.
Dwelms in die hoeke, soos rowers van hoop,
‘n Seun met ‘n toekoms, nou vas in ‘n strop.
Sy ma se hande – eers sag, nou verweer,
Gevou in gebed, haar hart is te seer.
Sy baklei vir haar kind, maar die wêreld is blind,
Die wet gee beloftes, maar help nie haar kind.
Die rehab keer hom, sê dis te laat,
Die stelsel is stukkend, sy lot reeds gezaad.
Die strate is sy kerk, die naald sy gebed,
Sy identiteit ‘n raaisel, sy toekoms ongesê.
Hy was ‘n kunstenaar – kon note laat dans,
Nou’s sy vingers gebreek deur ‘n lewe vol kans.
Vriende verdwyn soos rook in die lug,
Verhoudings verkrummel, al smeek jy vir krag.
Sy ma dra sy geheime soos kettings om haar,
Vergifnis ‘n woord wat te swaar op haar baar.
Die wêreld bly doof, die gemeenskap stil,
Nog ‘n seun in die grond – ‘n hartseer, ‘n wil.
Dis nie net sy storie nie, dis myne en joune,
‘n sirkel van pyn, ‘n gemeenskap se drome.
Ons kinders verdwaal, hul keuses te swaar,
Wanneer breek die kettings? Wanneer word dit klaar?

Vasgevange in die mis

deur Zethu Mafilika

Stil-stil glip jy laat aande uit,
op soek na hierdie lekkers wat jou eintlik afbreek.
Arme jy, dink dat hierdie middels eintlik jou pyn wegsteek;
min weet jy dat dit eintlik jou toekomsplanne breek.

Elke keer as jy aankom, moet ons vrees,
want niemand weet watter seer jy aan hulle gaan doen nie.
Gaan staan 'n oomblik voor die spieël—is dit jy?
Is hierdie nou regtig die ou wat groot drome gehad het?

Elke sekonde wat verbygaan,
dink jy net aan hoe jy 'n pil in die hande kan kry.
Van skool verlaat na huis- en karinbrake tot in tronkselle—
is dit die tipe pad wat jy wil stap?

Dwelms is 'n storm, 'n onophoudelike wind wat jou wegwaai-
hoe verder jy gaan, hoe minder bly daar van jou oor.
Elke treintjie rook is 'n kraak in jou siel,
'n gif wat stadig jou denke verteer.

Hoekom los jy nie hierdie goed nie?
Besef jy nie dat jy jou naaste mense verloor nie?
Of…
verkies jy tik bo ondersteunende mense in jou lewe?
Glaskas

'n perfekte porselein pop,
ek lewe in n glaskas
iets om mee te spog
maar die mure druk my vas

die mooiste blouoog barbie,
sy lewe verby my
en al wat ek kan doen
is om my gevoelens te vermy

ek wens ek kon aan haar raak
of miskien sy aan my
maar ek weet ek moet stil sit,
mooi lyk, en in my glaskas bly

die krake raak erger
en ek wens dit wil bars,
want in 'n perfekte wêreld
hou ek en sy mekaar vas

sou sy my dalk raaksien?
sou ons bymekaar pas?
sou sy my dalk oplet?
as ek eerder 'n hy was?

Stukkies van my

deur Jamy - Leigh Mike

In die gebrokenheid van die spieël,
waar ek probeer om my eie gesig te sien,
breek ek in stukke, elke lappie 'n storie,
van 'n gesin wat probeer, maar nie genees nie.

Die stukke weerspieël 'n lewe in chaos,
'n gemeenskap wat groei en sterf in die stilte,
waar ons soek en soek, maar
nooit heeltemal vind nie,
'n identiteit wat hardloop in 'n doolhof van onsekerheid.

Elke refleksie vertel 'n ander verhaal,
'n man wat nooit geleer het om lief te wees nie,
'n moeder wat haar kind probeer verstaan,
maar die breekpunte van die gesin is duidelik.

Ek is die spieël, wat nie meer kan reflekteer nie.
'n Mengsel van stukkende drome en hoop,
die stukkies lê daar, oral rondom my,
en ek probeer die geheel weer saamstel.

Is ek wat ek sien? Of is ek wat ek mis?
In hierdie gebrokenheid soek ek na die hele ek.
Maar in die duisternis van gebrokenheid,
is daar nogsteeds 'n skynsel van wat ek kan wees.

Tema: Soeke na identiteit en Ellen Pakkies
Die metafoor van die gebroke spieël dui aan hoe die spreker se identiteit, gesinsverhoudings en perspektief nie heel is nie, maar steeds deur die gebroke stukke van haar lewe en omgewing gevorm word.

Die rotse wat my dra
deur Andre Olivier

Wanneer storms oor my lewe breek,
en twyfel soos golwe teen my steek,
bly my ma en pa daar, stewig en sterk,
'n hawe van liefde, my veiligste werk.

My ma se stem is 'n sagte lied,
'n fluistering wat my hart laat dans.
My pa se hande, rotsvas en reg,
hou my op koers, wys my die weg.

My broer, soos 'n golf wat soms verras,
bring lag en lewe, 'n vrolike pas.
Al verskil ons soms, raak kwaad of stry,
bly hy steeds naby, net soos vir my.

Maar verder as huis, oor veld en see,
is familie wat dra, wat saam met my tree.
Ooms en tannies, met stories oud,
weef herinneringe van silwer en goud.

En my land, my grond, my trots en my spore,
die plek waar my drome hul vlerke ontvou.
Sy berge en vlaktes, sy stem in die wind,
die rots wat my dra, my mense verbind.

Tussen twee wêrelde

deur Taryn Groenewald.

Ek is ‘n boom met wortels in sand,
maar my blare waai in ‘n ander land.
My ma se stem is bruin soos die grond,
maar my tong moet wit klink in elke skoolbond.
In die klaskamer’s ek ‘n vreemdeling-kind,
hulle sê my Engels’s mooi, my aksent te blind.
Tuis’s ek “wit geskrik,” praat te reg,
maar my hart klop Kaaps—dit voel nie reg.
Ek’s ‘n seevoël, gevang in die wind,
tussen branders van “nie genoeg” en “te verskillend.”
Maar al voel ek verlore, ek bly nog hier,
‘n dogter van die Kaap—vol trots, vol vuur.

Wanneer ouers verander

deur Nuranah Jacobs

Die huis was vol harde stemme,
vol woorde wat seer kon maak.
Ek en my suster was stil in die hoek,
te bang om iets te waag.

By die tafel het ons net geëet,
niemand het regtig gepraat.
Ons harte het swaar gevoel,
soos 'n reënwolk wat bly haak.

Elke dag was maar dieselfde,
niks het ooit verander nie.
Dit het gevoel asof ons ouers
ons lankal nie meer sien nie.

Maar stadig begin dinge verander,
die stemme sagter, die woorde minder seer.
My pa en ma probeer meer luister,
en ek en my suster voel minder teer.

Die huis is nog nie heeltemal reg nie,
maar dit voel nie meer so koud.
Soms sien ek weer 'n glimlag,
soms voel my hart weer vas en vry.

Identiteit gedig

deur Suné Marais

Van kinderdrome tot volwasse vrees.
Op 7 het jy altyd op gekyk
na dié wat 21 lyk.
Jy het eerder maskers gedra,
sonder om vrae te vra.

Steeds het jy bly wonder,
maar kon nie meer offer.
Die seer in jou hart
het gevoel soos 'n kwart.

Min mense het geweet,
dat jy so bang sou wees,
vir die wêreld daar buite
met al die gebreekte ruite.

Op 7 het jy altyd op gekyk
na dié wat 21 lyk.
En nou staan jy hier
maar voel soos 'n mier.

Woestyn blom

deur Michele Singleton

Die woestyn is stil
Daar waar niemand en niks te sien is nie
Behalwe die blom
Die meisie met die groen oë vind gelykheid met die blom
Niemand sien een van die twee nie
In 'n hoek gedruk
Die blom wat die potensiaal het van die roos

Die woestyn is eensaam
Die meisie wie haar stilte in haar musiek vind
Woestyn blom soek, nodig, water om te groei
Maar in die droë gebied is daar niks en niemand
Nie een siel wat die offer sal maak nie

Die woestyn is eensaam
Die meisie wat alles verloor het
Haar talent verloor soos die blom sy kroonblaar verloor
Dit is al wat mense wil sien
Alles verloor, niks wees

Die woestyn is net sonlig
Die meisie met die groen oë sien altyd die goue lig
Woestyn blom nodig tog die son om te groei

Die woestyn kan droog wees
Maar hoop is altyd daar

Woestyn blom sal die son volg om haar pad te vind
Die reën drink om te groei.